CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Wellington Industrial Park, 19 Oude Pont Street / Straat, Wellington, 7655 • Private Bag / Privaatsak X19, Wellington, 7654
+27 (0)21 873 6964 • info@clf.co.za • www.clf.co.za

Pinksterreeks 2020

Die Pinksterreeks vir 2020 is voorberei te midde van die ontstellende gebeure rondom die Koronavirus. Ons is almal skielik in groot onsekerheid gedompel; al waarvan ons skynbaar seker kan wees, is dat ons wêreld dramaties aan die verander is – en dalk ook permanent so! Wat dit alles vir ons inhou, weet ons nog nie. Maar ons besef skielik weer ons gedeelde broosheid en gedeelde mens-wees. Ons voel aan dat ook ons as Christen-gelowiges, saam met al die ander mense (en die natuur), onderwerp is aan die gebrokenheid en lyding van hierdie wêreld. Ons ontdek weer ons diepe afhanklikheid van God, ons Skepper.

Juis in hierdie tyd van angs en onsekerheid bied die boek Openbaring egter egte en diepe troos. Dis asof die boek juis vir ’n tyd soos hierdie geskryf is. Dit herinner ons aan ons Vader wat op die troon sit, aan Christus wat tussen die kandelare (gemeentes) beweeg en die Heilige Gees wat alles nuut maak. Dit teken beelde van die nuwe toekoms, van die nuwe hemel en die nuwe aarde wat kom. God beloof dit. Daarom gee dit vaste hoop. En dit nooi ons uit – God maak nuwe deure vir ons oop – om met geloofsmoed en entoesiasme, as individue en gemeentes, meegeneem te word in God se sending na die wêreld.

Dr Coenie Burger het die reeks uitmuntend, en met ’n deurleefde en gegronde teologiese aanvoeling geskryf. Die preke is bedoel vir Pinkster, maar daar is ook talle ander kreatiewe maniere waarop leraars en gemeentes dit kan gebruik. Die reeks sal ook in Engels verskyn.



Saam met die reeks verskyn daar DV teen die einde van April ’n nuwe boek van Dr Coenie Burger: *Oop deure – wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer*.

Oor hierdie boek skryf Prof Marius Nel van Stellenbosch: “*Coenie Burger se genuanseerde lees van Openbaring as gemeente-literatuur teen die agtergrond van die Romeinse Ryk sal gelowiges en gemeentes se geestelike verbeelding opnuut aangryp oor hoe hulle vandag hul missionale roeping in uitdagende tye konkreet kan uitleef. Dit is ’n helder, tydige en weldeurdagte uitleg van Openbaring deur een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde kerkteoloë”.*

Die boek kan bestel word by www.clf.co.za of order@clf.co.za, of bel: +27 (0)21 873 6964. Prys: R220.

“Kyk, Ek het ’n deur voor julle oopgesluit” (Openbaring 3:8)

Wat Openbaring ons oor die lewe en roeping van die kerk leer

Pinksteroordenkings 2020
Dr Coenie Burger

1
Hoekom ons die boek Openbaring nie moet verwaarloos nie
(Vrydagaand)

Lees: Openbaring 1:1-6; 9-13; 17-18

1. Vanjaar se Pinksterreeks

Vanjaar se Pinksterreeks kom uit die boek Openbaring. Dit mag vir baie mense vreemd wees omdat ons Openbaring nie goed ken nie en amper ’n bietjie skrikkerig vir die boek is. Dit was deur die eeue so. Van die ou Kerkvaders wou die boek nie in die Bybel gehad het nie en selfs van die beroemde Hervormers het ook gesukkel het met die boek. Zwingli was baie negatief oor Openbaring en Luther selfs nog meer uitgesproke: “Die boek sê dat die mense wat hulle hou by wat in die boek geskryf is geseënd sal wees, maar die probleem is dat niemand mooi weet wat in die boek staan nie!” (vry vertaal).

Die Here het egter gesorg dat die boek bly – en dit is vandag nog hier in ons Bybels. En dit sal ’n groot fout wees as ons die boek Openbaring gaan verwaarloos in die kerk. Daar is vele kenners wat sê dat die boek ’n unieke boodskap het wat nêrens anders in die Bybel op dié manier gehoor kan word nie. Baie mense maak die fout om te dink dat dit in Openbaring oor die Antichris, oor politieke stryde en oor die eindtye gaan. Terwyl dit eintlik oor Christus en sy gemeente gaan en oor die vraag wat gemeentes te doen staan in die deurmekaar tye waarin hulle hul bevind.

2. Drie goeie verrassings

Daar wag ’n paar interessante en goeie verrassings op ons as ons die week na Openbaring se boodskap gaan luister. Kom ons hoor wat ’n paar van die verrassings is:

Die eerste verrassing is dat daar nie nog ’n boek in die Bybel is wat so duidelik praat oor die Drie-enige God in wie ons as Christene glo, as juis die boek Openbaring nie. Ons hoor reg in die begin al dat ons gegroet word in die Naam van die Drie-enige God (1:4). En dit loop reg deur die boek – hierdie boodskap van Een God, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees, wat groter as die keisers en al die magte van die wêreld is. Wat dit so wonderlik maak is dat Johannes ons ook help om te sien hoe elkeen van die Persone in God uitreik na ons, hulle met ons bemoei en ons inspireer vir die roeping wat ons ontvang het. Ons gaan more-aand reeds verder oor die Vader en oor Jesus praat en op Pinkstersondag gaan ons spesifiek kyk na wat Johannes vir ons sê oor die werk van die HG.

Die tweede verrassing: Johannes praat nie net helder oor God nie; hy praat ook helder oor die wêreld en oor die lewe. Hy wil die gemeentes ook help om die deurmekaar tye waarin hulle leef beter te verstaan. Hy teken ’n droewige prentjie van die wêreld. Baie mense van sy tyd maak asof dit goed gaan en Rome roem op die Pax Romana wat hulle geskep het, maar ’n groot deel daarvan is bedrog en misleiding. As jy dieper kyk, sien jy die chaos, die onmenslikheid en die onreg. Die vreemde en ontstellende kosmiese tonele wat ons in die middel van die boek kry as die seëls oopgemaak, die

trompette geblaas en die skale uitgegiet word, is ’n simboliese tekening van ’n aarde wat ly en protesteer onder haar juk. Johannes wil ons leer om dieper te kyk na die lewe en nie verblind te word deur die blinkheid wat ons bo-op sien nie. Die waarheid is dat die wêreld nie so goed werk as wat ons soms dink nie.

Deel van die nuus wat ons moet hoor, is dat ons as kerk en as Christene nie hierdie chaos en lyding vryspring nie. Omdat ons deel van die wêreld is, tref dit ons ook. Ons kan onsself baie moeite en pyn spaar as ons dit besef. En tog is dit anders vir ons, want Johannes verseker ons ook – so tussen alles deur – dat die Here sy kinders, sy kerk, die 144000 waarvan ons deel is – in sy Hand hou en bewaar.

Die derde verrassing: Ons moet Openbaring goed hoor omdat Johannes ook baie helder en vars praat oor ons Christelike hoop. Die hele boek is eintlik ’n boodskap van hoop – en ons het dit so nodig. Wat dit besonders maak is dat Johannes ons nie net aanpraat om nie hoop te verloor nie, maar dat Hy moeite doen om ons die dinge te laat sien waarop ons hoop gegrond is. Die boek is ook uniek in die manier waarop dit praat oor die nuwe stad waarheen die Here besig is om ons te lei – ons toekoms. As ’n mens dit alles hoor, kan jy verstaan hoe die prentjie en die belofte van die stad ons daagliks kan rig en inspireer vir die lewe, nou, hier op aarde.

3. Die vierde verrassings: Johannes praat met en oor gemeentes

Daar is ’n laaste verrassing, en dit is waaroor hierdie Pinkster gaan. Johannes praat ook besonder baie in die boek oor gemeentes. Gemeente speel ’n groot rol in die boek. As ’n mens die eerste drie hoofstukke lees, kan jy dit nie mis nie. Ons hoor reg in die begin van die boek dat Johannes ’n opdrag kry om die openbaring wat hy van die Here ontvang het deur te gee “aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië” (1:4). In vers 11 word die opdrag herhaal en word die sewe gemeentes by name genoem. Dit is waaroor die boek gaan. Openbaring is ’n brief of briewe wat aan gemeentes geskryf is oor hulle lewe en werk.

Dit is verder interessant dat ons nie net baie van gemeentes hoor nie, maar ook van stede. Stede speel ook ’n belangrike rol in die boek. Die sewe gemeentes se name word afgelei van die stede waarin hulle geleë was. Ons weet dat al sewe die stede wat genoem word werklike stede in Klein-Asië (vandag Wes-Turkye) was. Die Here se bedoeling met die gemeentes was dat hulle die getuienis oor Jesus in die stede moes indra en verkondig met die hoop en verwagting dat mense tot geloof in Jesus sou kom. Ten spyte van alles, ook die verkeerde dinge wat in die stede gebeur het, het die Here die stede lief en wil hy hulle tot geloof en verlossing bring.

As ons Genesis 1 en in Openbaring 22 vergelyk, sien ons ’n interessante verskil. In die begin het die Here vir ons ’n tuin gegee – ’n paradys. Ons kan Hom daarvoor dank. Tuine is wonderlik. Maar aan die einde (Op 22) gee die Here vir ons ’n stad – ’n nuwe stad wat ook wonderlik is. En die Here wil hê dat sy kerk nie net ja sal sê vir die tuin nie, maar dat ons ook met ons hele hart “ja” sal sê vir die stad en die werk in die stad! Ek was op ’n keer by ’n dinamiese, nuutgeplante kerk in die middestad van San Francisco. Toe ek vra hoekom hulle die gemeente daar begin het en nie in van die voorstede nie, was hulle antwoord “Because we love the City”. Dit was die leuse van hulle gemeente!

Dit is duidelik dat gemeentes ’n uiters belangrike rol speel in God se heilsekonomie. Die Here het besluit dat Hy by die wêreld wil uitkom via gemeentes! In die Timoteusbrief (3:15) word gesê dat gemeentes die draers van die waarheid van die evangelie is. Dit is die boodskap wat ons vanaand moet hoor. Ons – gemeentes – is God se plan! Terwyl Christene in moeilike situasies dikwels na politici kyk om ons te “red”, is die Here besig om na sy gemeentes te kyk… Een van die grootste probleme van die kerk van ons tyd is dat gemeentes sukkel omdat hulle hul eie lewe en roeping ernstig genoeg te neem. Ons gaan hierdie week hoor hoe ernstig die Here oor sy gemeentes en hulle roeping voel.

Maar, die diepte grond vir ons hoop is nie op wat ons kan doen nie. Ons hoop is op Christus – wat nie weg is na Hemelvaart nie, maar op 'n nuwe, ander, sterker manier by ons teenwoordig is. Johannes sê vir ons in hoofstuk 1:12-20 dat hy tussen die staanlampe – dit is die gemeentes – Iemand soos die Seun van die Mens sien staan het. Dit is Jesus! En dít gee Johannes hoop, ook vir hierdie sukkelende gemeentes. In hulle self het hulle nie baie krag nie, maar by hulle, agter hulle en tussen hulle staan die Lewende Here, Jesus Christus. En by Hom is veel meer moontlik as wat ons dink of droom. Moenie te gou opgee op die kerk nie, want die kerk behoort aan Christus. En Hy het 'n plan met die kerk.

https://www.sickleoftruthblog.com/2019/01/20/revelation-chapter-1-part-12/

Gesels oor:

1. Wat is julle indruk en ervaring van die boek Openbaring? Wat het julle geweet van die boek? Het julle dit al goed gelees?
2. Watter vier verrassings mag ons die week kry? Is dit goed wat ons kan help?
3. Hoe dink julle oor waar Jesus nou – na sy Hemelvaart – is? Is dit 'n verrassing om te hoor dat Jesus nie weg is nie, maar tussen die gemeentes wandel? Is dit hoe ons dink oor Jesus se teenwoordigheid?

Gebed:

1. Kom ons sê vir die Here dankie vir sy teenwoordigheid by ons.
2. Kom ons vra dat Hy ons oë en harte dié week sal oopmaak.
3. En kom ons bid nou reeds vir die wêreld waarin ons woon, vir die hartseer in en gebrokenheid van die wêreld.

2.
Die Een wat op die Troon sit, en Jesus die Leeu wat ook 'n Lam is
(Saterdagaand)

Lees Openbaring 4:1-5; 5:1-10

1. Gemeentes is belangrik, maar dit gaan oor God!

Ons het gisteraand gesien dat een van die groot verrassing in die Openbaringboek is dat Johannes soveel aandag aan gemeentes gee. Gemeentes het 'n baie belangrike plek in die Here se plan met die wêreld. Een van ons groot probleme is dat ons dikwels onderskat wat die Here met gemeentes wil en kan doen.

Maar, ons moet die klem op gemeentes reg verstaan. Gemeentes kan wonderlike goed doen, nie omdat gemeentes of mense so wonderlik is nie, maar omdat ons 'n wonderlike en groot God dien.

Een van die beste Openbaringuitleggers, Richard Bauckham, skryf dat die helder manier waarop die boek oor die lewende, Drie-enige God praat dalk die boek se belangrikste bydrae tot die verstaan van die boodskap van die Nuwe Testament is.

Die drama van die boek draai om hoofstuk 4 en 5 as God die Vader en Jesus op die toneel verskyn. Dan verander alles. In hierdie twee hoofstukke sien ons dat die kerk nie vernuwe gaan word met slim planne of nuwe tegnieke nie. Die lewe en energie van die kerk hang saam met hoe duidelik die kerk se visie op God is en hoe helder ons die evangelie van Christus verstaan. Dit is so: ons verloor stoom as ons visie op God vertroebel raak en die omstandighede rondom ons ons oorweldig – amper soos Petrus wat begin sink het toe hy sy oë van Jesus afhaal en na die water begin kyk het.

2. Die gesig van God die Vader op die troon

As Johannes opgeneem word na die hemel, is die eerste gesig wat hy sien, dié van ’n troon: “Ek het gesien daar staan ’n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand” (4:2). Hy sien die prag en glorie van die troon wat versier is met edelgesteentes – en rondom die troon vier-en-twintig ouderlinge en vier lewende wesens.

Die troon is duidelik ’n teken van God se mag en koningskap. Dit is die eerste boodskap wat ons hier moet hoor. Dit word ook bevestig in die liedere wat tot God se eer gesing word – hier in hoofstuk 4, maar ook elders in die boek. In die hemelse toneel is alles in harmonie met mekaar – daar is nie wanklanke of valsheid nie.

Vir die gemeentes aan wie die brief geskryf is, was dit baie belangrik om dit te weet. Ons hoor in die briewe ook van ander trone. Ons hoor dat daar in Pergamum ’n troon vir Satan is. Ons weet dat daar in al die stede allerhande tempels was met trone, onder andere ook trone vir die Romeinse keisers. Wat Johannes aan die gemeentes wou sê met hierdie prentjie was dat daar nog ’n troon is – wat uittroon bo die trone van die wêreld! Die Romeinse keiser is nie die Here nie: God alleen is die Here!



Tempel van Artemis in Efese: http://ephesusattractions.com/ephesus/around/temple-of-artemis

3. Die dramatiese toneel van die boekrol

In die begin van hoofstuk 5 word die rustige toneel egter skielik versteur. Ons hoor eers dat God in sy regterhand ’n boekrol het wat met sewe seëls goed verseël was. Daarna sien Johannes ’n sterk engel wat met ’n harde stem vra of daar iemand waardig is om die boekrol oop te maak en die seëls te breek? Dit is of daar dan ’n afwagtende stilte kom en die hemele rondkyk op soek na ’n skepsel wat

waardig is om die boekrol oop te maak. Maar daar is niemand nie: “Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde, was in staat om die boekrol oop te maak en daarin te kyk nie”.

As hy dit hoor, lees ons dat Johannes in trane uitbars! Hoekom? Die boekrol wat in God se hand is bevat die goeie, gelukkige afloop van die geskiedenis van God se skepping. Die idee was dat soos die boekrol oopgerol word, dinge op aarde sal verander en God se goeie plan vir ons uitgevoer sal word. Wat waar was in die hemel, moes nou ook deurgevoer word na die aarde. En die boekrol se oopmaak was die sleutel vir die ontknoping van die verhaal.

Johannes huil omdat, terwyl hy die voorreg het om die hemelse toneel te aanskou, hy ook weet hoe dit op aarde lyk. Hy weet van die gemeentes, hy weet van hulle stryd en swaarkry en versoekings, hy weet dat hulle krag min is. Hy weet ook van die skepping wat sug en kreun onder die vloek van die sonde; hy weet van Rome, van die twee diere en van Satan wat God se skepping verniel en mislei. Hy huil omdat hy die heiliges hoor roep: “Hoe lank nog Here?”

Terwyl Johannes nog huil oor niemand die boekrol kan oopmaak nie, hoor hy dat `n ouderling begin sê: “Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid het die oorwinning behaal en kan die boek oopmaak!”

Niemand kan die boekrol oopmaak nie – behalwe Jesus! In die krisis tree Jesus – in sy liefde – na vore om die werk te doen. Dit sou Hom ’n prys kos, hoor ons later. En dit verklaar ook hoekom Jesus ’n mens moes word! Die bepaling was klaarblyklik dat dit ’n skepsel van God moes wees wat die boekrol oopmaak. Toe geen skepsel gevind kon word nie, het Jesus wat self God is – uit liefde vir ons – ’n mens geword om dit te doen! Dit laat ons iets verstaan van hoe ernstig God oor sy bepalings is, maar ook tot watter ekstreme Hy sal gaan om sy kinders terug te wen.

Dit is wonderlik om te weet dat God die geskiedenis van die wêreld goed wil laat afloop, maar dit is nog beter nuus om te hoor dat Hy dit kan en gaan doen! Dit is die groot nuus wat ons hier in Openbaring 5 moet hoor. Die treurspel wat die lewe onder die vloek van die sonde geword het, sal nie vir ewig voortduur nie. Die lewe is nie maar een hartseer-episode wat op die ander volg nie. Al voel dit soms vir ons, soos Yeats gesê het, of die middel nie gaan hou nie (*the center cannot hold*) en dinge uitmekaar gaan spat, kan ons weet dat dit nie sal gebeur nie, omdat daar Iemand is, Christus, wat alles bymekaar hou (Kol 1:17). Hy sal ons deur hierdie drama neem. Hy is die Koning van die konings en die Here van die here. Hy is die Leeu aan wie alle mag behoort. Hy kan sulke goed doen. Hy kan die boekrol oopmaak en sal sorg dat hierdie drama goed uitspeel.

4. Die groot verrassing: die Leeu is ook ’n Lam

Maar dan kom die tweede verrassing. Toe Johannes kyk, sien hy – tussen die troon en die ouderlinge – nie ’n Leeu nie, maar ’n Lam staan! Die Lam wat geslag is (vers 6, 9, 12) en wie se bloed sou vloei sodat mense uit alle volke en stamme en nasies losgekoop kon word (vers 9). Dit is hoe ons gered is. Dit is, sê Johannes, hoe Jesus sy oorwinning behaal het (vers 5)!

Kom ons wees eerlik en erken dat hierdie die stukkie van die evangelie is waarmee ons baie sukkel. Vir ons lyk doodgaan nie na wen nie, maar na verloor. Ons hou meer van die Leeu as van die Lam. Ons sien Jesus liewer op ’n perd as op ’n donkie. Ons hou meer van krag as van swakheid. Ons wil soos wenners lyk en nie soos verloorders nie. En tog het die Lam en die donkie en die kruis ’n vaste, vaste plek in die evangelie. Daar is nie ’n evangelie sonder die Lam en die donkie nie. As ons dink ons weet van so ’n “evangelie”, kan ons seker wees dit is nie die evangelie van Jesus Christus nie. Dit is waarskynlik die evangelie van die keisers en van Rome, van geld en mag en “die goeie lewe”.

Die eerste verrassing van die evangelie – die goeie nuus – is dat God ons nie net wil nie, maar ook kan red. Hy het die krag en die vermoë om dit te doen. Die tweede verrassing van die evangelie is

hoe God dit doen: nie deur krag of geweld, maar deur swakheid en liefde. Die prentjie van die Lam vertel die storie – dit ís die storie! Die waarheid oor die storie is dat die kerk graag die eerste deel hoor, van ’n sterk God wat alles kan doen, maar sukkel om die tweede verrassing – en die implikasies wat dit vir ons het! – goed te hoor en te omhels.

Die storie van Jesus, het iemand gesê, is nie ’n kragstorie nie, maar ’n liefdestorie. Die krag van die evangelie lê nie in mag en geweld nie, maar in liefde. Liefde sal die wêreld verander. Liefde verander alles!

Gesels oor:

1. Die prentjie van die troon wil met ons praat oor magte en maghebbers. Wie is die maghebbers wat ons in ons tyd vrees? Hoe troos die prentjie van die troon ons in die situasie?
2. Hoe dink en voel julle oor Jesus se “dubbele identiteit” as Leeu en Lam. Is dit so dat ons meer van die Leeu as van die Lam hou? Watter implikasies het dit vir ons lewens?
3. Is dit vir julle maklik om te glo dat Jesus die boekrol kan oopmaak en die geskiedenis van die wêreld (en ook ons geskiedenis) tot `n goeie einde sal voer? Wat is die goed wat ons laat sukkel hiermee?

Gebed:

1. Kom ons vra die Here om ons te help om Hom te vertrou – veral te vertrou daarvoor dat Hy alles vir ons goed sal laat eindig.
2. Kom ons dank Hom vir sy verlossing aan die kruis, sy groot genade.

3.
Die Brief aan die gemeente in Efese:
Harde werk en ywer vir die waarheid help min as ons ons eerste liefde vergeet
(Sondagaand)

Lees Openbaring 2:1-7

1. Wat weet ons van die stad en van die gemeente?

Efese was een van die oudste stede in die destydse Klein-Asië. Dit was ook die grootste stad – in daardie tyd met ’n inwonertal van 250,000. Efese se belang het daarin gelê dat dit dié hawestad was wat toegang na Asië verleen het. (*Wys kaart indien moontlik*). Die stad was ook beroemd omdat die yslike tempel vir Artemis, die groot godin van Klein-Asië, daar gebou is. Van ons sal onthou dat dit een van die sewe wonders van die Antieke Wêreld was.

https://www.churchofjesuschrist.org/bc/content/shared/content/images/gospel-library/manual/10735/map-mediterranean_1246693.pdf

Ons weet nogal heelwat van die gemeente in Efese. Uit Handelinge 18-20 weet ons dat Paulus meer kere in die gemeente gekom het; by geleentheid het hy meer as drie jaar daar gebly. In Handelinge 18:24v word gesê dat Apollos ook vir ’n tyd in Efese gewerk het. Uit Lukas se vertelling in Handelinge 19 kan ons agterkom dat die werk in Efese uitdagend was en dat die Christene met allerhande probleme en heelwat teenkanting te doen gekry het.

Tog was daar ook volop geleenthede. Paulus het die stad as ’n basis gebruik vir die verkondiging van die evangelie in Asië. In 1 Kor 16:8-9 skryf hy roerend mooi dat hy tot Pinkster nog in Efese gaan bly “want hier staan ’n groot en belangrike deur vir my oop”. Hierdie oop deur, sê hy, word gegee te midde van die feit dat “hier ook baie teenstanders (is)”. Ons sal dit meer kere in die briewe hoor dat – anders as wat ons dikwels dink! – moeilike omstandighede sending nie kan keer nie!

2. Die sterkste punt van die gemeente: hulle was ernstig oor die waarheid

Ons kan aanvaar dat daar in die tyd van Openbaring, ’n bietjie meer as veertig jaar na die stigting van die gemeente, ’n redelik sterk kerk in Efese was. Uit Johannes se brief is dit duidelik dat daar baie aktiwiteit in die gemeente was en dat ’n hele klomp goeie en lofwaardige dinge daar gebeur het.

Ons hoor dat Johannes die gemeente prys vir hulle “onvermoeide arbeid” (vers 2), hulle vir volharding (ons hoor dit twee keer) en vir hulle bereidheid as om baie te verduur vir Christus se Naam (vers 3) – alles baie wonderlik eienskappe. Hierdie mense was nie bang vir werk en vasbyt nie.

Maar die beste van die gemeente was hulle toewyding aan die waarheid. Vir hierdie gemeente was die waarheid baie belangrik! Daar het ’n groep in die gemeente aangekom wat beweer het dat hulle deel was van die oorspronklike apostelkring. Die gemeente was agterdogtig hieroor en het ondersoek ingestel en bevind dat die mense leuenaars was. Hulle word ook later geprys omdat hulle die dwalings van ’n ander groep, naamlik die Nikolaïete, uitgesnuif en verafsku het. Hoe ernstig die gemeente oor die waarheid was, hoor jy in die woorde dat hulle nie “slegte mense” kon verdra nie!

3. Die gemeente se grootste fout: hulle het hulle eerste liefde verlaat

Maar dit kan ook gebeur dat ’n mens so ’n meedoënlose fokus op die waarheid te ver kan neem – of dit doen op ’n manier wat nie die saak van die evangelie dien nie. Dit het in Efese gebeur. Ons hoor in 2:4 (Ou Afrikaanse Vertaling) dat Christus vir die gemeente sê: “Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het”. Dit is goed om ernstig te wees oor die waarheid, maar ’n mens kan so gefokus raak op die waarheid dat jy in die proses vergeet van die liefde en van mense.

Dit is belangrik dat ons die boodskap goed hoor. Jesus het nie in die eerste plek vir waarhede gesterf nie; Hy het vir mense gesterf. Die eerste en groot gebod van die evangelie, het Jesus gesê, is dat ons God sal lief hê met ons hele hart, ons hele siel, ons hele verstand en al ons kragte – en ons naaste soos onsself. In 1 Kor 13 besing Paulus die liefde as die grootste van alle dinge. Kennis en geheimenisse sal verbygaan; maar die liefde bly vir ewig. Sonder die liefde is ons niks.

Dit is belangrik dat ons goed na vers 4 kyk. Die vers kan op meer as een manier verstaan word. Die Ou Afrikaanse Vertaling lees: “Maar Ek het dit teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het” en die meeste uitleggers het dit so geïnterpreteer dat die gemeente naasteliefde begin nalaat het. Maar die Nuwe Afrikaanse Vertaling vertaal dit anders: “Maar ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief as in die begin nie”. Dit is duidelik dat die Nuwe Vertaling die teks verder interpreteer en sê dat die gemeente Christus nie meer so lief as vroeër het nie. Watter een van die twee is reg? Gelukkig dink ek ons hoef nie te kies nie, want liefde vir Christus en vir ons naaste gaan gewoonlik saam.

Bavinck beskryf dit baie mooi: “Die gemeente het nie meer vir Jesus helder voor hulle gesien nie. Hulle het hulle uitsig op die kruis verloor. Hulle gebede het verskraal, hulle omgang met die Here was uitgehol, hulle blydskap in die Here amper dood. Daar het iets gestrengd, iets byna hard in hul oë gekom.” Ons sien in die Bavinck aanhaling ook die verband tussen die twee sake. As ons Jesus nie meer helder sien nie, verloor ons ons sagtheid; ons word hard en meedoënloos en ons slaan mense met die waarheid sonder dat dit vir ons te swaar is.

Daar is egter ook uitleggers wat van mening is dat ons selfs nog meer in vers 4 moet hoor. Beale, een van die mees gerespekteerde uitleggers meen dat die “eerste liefde” wat hulle verloor het, ’n verwysing na die gemeente se vroeëre sendingywer is. Hy skryf: “Although they were ever on guard to maintain the purity of the apostolic teaching, the Ephesian Christians were not diligent in witnessing to the same faith in the outside world. This is what is meant when Christ chastises them for having left their first love.”

As jy dit hoor, besef jy skielik hoe vreemd dit is dat ons niks in die brief lees oor sending waarmee die gemeente besig was nie! Hulle was so gefokus op die moeilikheid in die gemeente dat hulle nie kon begin dink aan mense buite die gemeente nie. As ons onthou hoe Paulus vanuit dié gemeente die evangelie aan “al die inwoners van die provinsie Asië, Jode sowel as Grieke” gebring het (Hand 19:10), kan jy nie glo dat die Efesiërs die visie in veertig jaar se tyd totaal verloor het nie.

4. Raad van die Here: hoe ’n mens kan leer om weer lief te hê en jou passie vir die evangelie te herwin

In elkeen van die briewe praat die Here nie net reguit met die gemeente oor hulle foute nie; Hy gee ook vir hulle vaderlike raad oor hoe hulle die foute kan regmaak. Die groot uitdaging vir die gemeente in Efese was dat hulle weer moes leer om lief te hê. Die raad wat die Here vir hulle gee hoor ons in vers 5: “Dink daaraan hoe ver julle agteruit gegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het”.

Ek hoor twee dinge hier. Die gemeente word opgeroep om na te dink, tot hulle sinne te kom en te besef wat die veertig jaar met hulle gebeur het. Hulle moet dink daaraan waar hulle was in die begin,

onthou waarmee hulle toe besig was; hulle moet die opwinding, die passie van die beginjare – om te weet dat die Here lewe en ons lewens kan verander – om dit weer te sien en voel. Hulle moes besef dat daar iewers groot fout is nou en dat hulle nie so kan aangaan nie.

Tweedens sê die Here vir die gemeente: "Bekeer julle en *doen* weer wat julle in die begin gedoen het" (vers 5). Ons moenie die fout maak om te dink dat 'n mens net eenkeer tot bekering hoef te kom nie. Ons sal sien dat in elkeen van die sewe briewe die *Christene* opgeroep word om aan te gaan met hulle bekering en dit dieper en wyer te neem! En verder sê Johannes dat bekering nie gaan oor iets wat jy moet voel of ervaar nie; dit gaan oor iets wat ons moet doen. Beale meen dat dit spesifiek gaan oor die sterk missionale betrokkenheid en aktiwiteite wat die beginjare van die gemeente gekenmerk het. Dit is nie so swaar nie, wil Johannes vir ons sê. As julle regtig omgee vir Here en daarom geleer het om om te gee vir mense gaan julle iets begin doen vir hulle.

Van onthou gepraat. Het julle geweet dat so 160+ jare gelede lidmate van ons kerk, Bothas, Smitte, Pauws, Hofmeyrs, Louws en Murrays, ook hulle tasse gepak het om SA te verlaat. Maar hulle is nie VSA of Australië toe nie; hulle is Malawi, Kenia, Nigerië en Zambië toe – omdat hulle gedink het dat die Here van hulle vra om die evangelie in Afrika te verkondig. Vandag is daar groot *Reformed Churches* in daardie lande a.g.v. hulle werk. Dit laat 'n mense dink, né? Oor waarmee ons besig is.

Die goeie nuus is dat die Here ons kan help om te verander – as ons kan hoor wat die Gees vir ons sê …

Gesels oor:

1. Die gemeente in Efese het soveel klem op die waarheid gelê dat hulle die liefde vergeet het. Dink julle ons maak dieselfde fout vandag?
2. In die beginjare was die gemeente in Efese baie betrokke by sending, maar dit wil lyk of hulle dit verloor het. Wat is julle gemeente se storie hiermee?
3. Kan julle dink dat 'n mens in moeilike tye soms meer kanse kry vir sending en evangelisasie as in maklike tye? Hoe gereed is ons om die geleenthede te sien en op te neem.

Gebed:

1. Kom ons vra die Here om ons te help om mense – mense in die gemeente maar ook buite die gemeente – raak te sien.
2. Kom ons bid vir ons susterkerke.

4.

Die Brief aan die gemeente in Smirna:

Lyding en teenspoed is deel van die kerk se lewe – maar dit hoef ons nie bang te maak nie.

(*Maandagaand)*

Lees Openbaring 2:8-11

1. Wat weet ons van die stad en van die gemeente?

Ons gaan vanaand praat oor die brief aan die gemeente in Smirna.

Wat weet ons van Smirna? Smirna was 'n groterige hawestad, sowat 60 kilometer noord van Efese. (*Wys kaart)*. Dit was blykbaar 'n baie mooi stad wat stylvol uitgelê was teen 'n berg. Vanweë sy prag het die stad die naam "eerste in Asië" gekry. Smirna was ook 'n ryk stad en kultuur het floreer in die stad. Hulle was bekend vir goeie wyn, vir wetenskapsbeoefening en mediese dienste. En die beroemde skrywer Homerus het van hier gekom.

Oor die gemeente in die stad ons weet nie veel nie. Een van die vroeë kerkleiers Ignatius het ’n tyd in die stad deurgebring en ons weet ook dat een van die heel eerste Christenmartelare Polycarpus die biskop van die gemeente was. Uit die brief weet ons dat, in kontras met die stad, die gemeente arm was en waarskynlik ook maar redelik klein. Hulle het regtig swaargekry en deurgeloop het onder kwaai diskriminasie – ook van die groot klomp Jode wat in die stad gewoon het. Maar ten spyte daarvan was hierdie ’n wonderlike gemeente oor wie daar net positiewe goed gesê word.

Daar word drie uitdrukkings gebruik wat ons help om ’n prentjie van die gemeente te kry:

- Daar word gesê dat hulle “verdrukking gely het”; die soort, skryf Leon Morris, wat jou kan platdruk en breek. Die “verdrukking” het waarskynlik te doen gehad met die geestelike, kulturele en politieke uitsluiting van die Christene. Die druk om mee te doen aan die keiserkultus was baie groot en as mense nie wou nie, is hulle eenvoudig geïsoleer.
- Dit verklaar waarskynlik ook waarom die gemeente arm was. Politieke en kulturele isolasie lei gewoonlik tot ekonomiese uitsluiting. Die Christene het gesukkel om werk te kry omdat hulle – om geloofsredes – nie deel was van die gildes en arbeidsverenigings van daardie tyd nie.
- Die derde probleem waarmee die gemeente gesukkel het was eintlik baie hartseer. Dit was dat die Jode wat eintlik familie was, hulle afgeknou het en hulle lewens swaar gemaak het.

En tog – ten spyte van al hierdie probleme – het die gemeente vasgebyt en volhard op hulle geloofspad. Hierdie gemeente het daarin geslaag om, ten spyte van die moeilike omstandighede waarin hulle hul bevind het, getrou te bly aan Christus en die evangelie.

Dit beteken ook dat ons kan sê dat hierdie gemeente nie hulle missionale getuienis in hierdie vyandige stad verloor het nie! Ons sien hier wat die essensie van ons missionale getuienis is. Dit gaan nie in die eerste plek oor vele aksies of mooi, groot geboue of baie mense nie; dit gaan oor die vraag of ons getrou is aan Christus en nie ons getuienis oor Hom opgegee het nie.

2. Getroue getuienis oor die evangelie roep soms weerstand op

Ons het reeds gesien dat die Christene in Smirna se getrouheid aan Christus vir hulle probleme veroorsaak het. Omdat die stad ’n diep lojaliteit aan Rome en al sy kultusse gehad het, het hulle nie vriendelik gekyk het na mense wat nie wou meedoen aan hulle feeste nie. En dat Johannes gedink het dinge sou nog erger raak vorentoe. Johannes skryf in vers 10 dat hulle “baie swaar (sal) kry” en, nog later, roep hy hulle – veelseggend – op om getrou te bly “tot die dood toe”.

https://en.wikipedia.org/wiki/Polycarp#/media/File:Burghers_michael_saintp

Die verhaal oor die marteldood van Polycarpus, die latere biskop van Smirna, laat ons iets verstaan van die werklikheid hiervan. Polycarpus is lewend verbrand omdat hy op geen manier sy geloof wou prysgee en iets doen om Christus te verloën nie. Daar word vertel dat een van sy opsieners hom wou oortuig om net ’n klein toegewing te maak en ’n knippie wierook voor die keisers se standbeelde te brand of om net een eed te sweer in die keiser se naam. Polycarpus het egter geweier en het met sy lewe betaal.

Ons moet ’n oomblik stilstaan en dieper te kyk na wat hier gebeur. Dit is duidelik uit die Nuwe testament dat lyding en swaarkry nie heeltemal onverwags gekom het vir die Vroeë Kerk nie. In baie van die Nuwe Testament boeke word ons gewaarsku dat lyding deel van ons lewens kan wees. Maar die Christene in die Nuwe Testament tyd het ook geleer dat die Here lyding positief kan gebruik in ons lewens en in die lewe

van die kerk. Ons hoor dit so mooi as Paulus in Fil 1:29 skryf dat God ons die voorreg gee om Christus te dien, nie net deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly!

3. Hoe ons leer om saam met Christus te ly – en om nie bang te wees daarvoor nie

Die brief aan Smirna bring vir ons ook onverwagte goeie nuus oor lyding. Eugene Peterson skryf dat terwyl die gemeente in Efese liefde moes leer, was die gemeente in Smirna besig om te leer hoe ’n mens moet ly. Dit klink nie baie opwindend of uitnodigend nie – dit is beslis nie die soort kursus waarvoor ons almal sal hande opsteek nie! Maar dit is tog wonderlik om te hoor dat ons kan leer om konstruktief te ly!

Hoe leer die Here ons om te ly?

- Ek dink ons moet heel eerste die beloftes van die Woord duidelik hoor en ontvang in ons lewens: dat Christus altyd by ons is; dat Hy ons nie bo ons kragte sal laat versoek nie; dat ons lewens in sy hande is; dat Hy alles tot ons beswil sal laat uitwerk. Dit is beloftes wat die Here vir ons gegee het en wat ons ons eie moet maak.
- Die volgende tree is dat ons in situasies van swaarkry voortdurend moet uitkyk vir Christus se teenwoordigheid by ons en so goed as moontlik probeer luister vir die stem van sy Gees. Die Here het beloof om ook in donker tye, in die dale van doodskaduwee by ons te wees! En ons kan weet Hy sal daar wees – ook wanneer ons Hom nie onmiddellik te sien kry nie.
- Maar daar is nog ’n derde tree. Die Here wil ons leer om nie bang te wees vir lyding nie! Het julle dit in vers 10 gehoor? “Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie”.

Agter hierdie sagte opdrag van Jesus dat ons nie bang moet wees nie, sit al die beloftes waaroor ons hierbo gepraat het. Omdat ons weet dat die Here by ons is, kan ons in die moeilikste en mees bedreigende situasies kalm en onbevrees wees. Dit is belangrik om goed te sien dat hierdie woord van Jesus na twee kante toe sny. Dit is in die eerste plek simpatiek en begrypend bedoel, maar dit is ook ’n besliste opdrag wat die Here vir ons gee! Omdat Hy weet dat vrees nie ’n goeie vriend of kameraad is nie, wil Hy ons leer om nie so gou angstig of bang te raak nie. Ons moenie so gou aanvaar dat bang-wees iets is waaroor ons nie ’n besluit kan neem nie. Ons kan. En dit begin daarby dat ons meer gereeld, meer kere op ’n dag, tyd neem om bewus te word van die Here se teenwoordigheid by ons.

4. Dinge is dikwels anders as wat dit lyk

As ons dit gereeld doen, gaan ons sien dat nog iets gebeur. Ons gaan begin sien dat baie dinge in die lewe – ook die dinge waarvoor ons bang is – dikwels anders as wat dit vir ons met die eerste oogopslag gelyk het. Hierdie uitdrukking – dinge is dikwels anders as wat dit lyk – is die opskrif wat JH Bavinck, ’n beroemde Nederlandse sendeling, bo-aan sy preek oor die brief aan Smirna geskryf het. Hy skryf: “Ons leef in ’n vreemde wêreld, ’n wêreld van verblindende skyn. So baie dinge blyk, as ons dieper daarna kyk, totaal anders te wees as wat dit op die oppervlak vir ons gelyk het.” (Vry vertaal).

Ons moet leer om dieper te kyk! Dinge is nie altyd soos wat ons wysgemaak word deur die magte van hierdie wêreld nie. Die meeste van ons sal ’n storie kan vertel oor wat gebeur as ons eers geskrik het en bang geword het. Dan bedrieg ’n mens se oë jou. Jy sien goed wat nie bestaan nie. Alles lyk gevaarliker, erger, groter, meer dreigend as jy bang is. Ons moet leer om dieper te kyk.

As Johannes in vers 8 sê dat Jesus die Eerste en Laaste is, moet ons dit hoor teen die agtergrond daarvan dat Smirna a.g.v. haar prag en glorie genoem was “die eerste in Asië”. Johannes wil sê Smirna en haar mense is nie regtig die “eerstes” hier in Asië nie. Asië behoort nie aan die mense van Smirna of aan die Romeine nie; dit is alles God se eiendom. Smirna en die hele Asië behoort aan Jesus. Jesus is die Eerste en die Laaste.

Maar meer nog, Hy is ook die Lewende. Hy was dood – dood gemaak deur sy vyande – en het weer lewend geword! Daarom kan ons weet dat selfs die dood nie vir ons die einde van die pad beteken nie. Omdat Jesus opgestaan het na Hy gesterf het, kan ons weet dat ons ook sal opstaan uit ons dood. Omdat ons in Jesus glo en sy Naam bely en dra, sal die verskriklike tweede dood waaruit daar geen opstanding is nie, ons nie tref nie (2:11). Want God het beloof, skryf Tom Wright, om alles wat Hy vir Jesus gedoen het, ook vir ons sy broers en susters te doen.

Daarom hoef ons nooit bang te wees nie.

Gesels oor:

1. Johannes was bekommerd dat die Christene in Smirna dinge rondom hulle verkeerd lees en onnodig bang was. Tot watter mate geld dit ook van ons?
2. Stem julle saam dat die vrees en bang wees iets is wat ’n mens kan afleer en waaroor ons `n besluit kan neem? Hoe doen ’n mens dit?
3. Het julle al ervaar dat die Here tye van swaarkry positief kan laat uitwerk in ons lewens?

Gebed:

1. Kom ons vra die Here om ons te help om minder bang te wees en meer op Hom te vertrou
2. Kom ons bid vir Christene wat verdruk word.
3. Kom ons bid vir mense wat deur oorloë, rampe en siekte-pandemies geraak word.

5.
Die Brief aan die gemeente in Pergamum
Hoe om op die waarheid van die evangelie te vertrou selfs as die druk erg raak
(Dinsdagaand)

Lees Openbaring 2:12-17

1. Wat weet ons van die stad en die gemeente?

Ons gaan vanaand kyk na Johannes se brief aan die gemeente is Pergamum.

Wat weet ons van die stad Pergamum? Pergamum was sowat 70 kilometers noord van Smirna geleë en bestaan vandag nog as die stad Bergama. Pergamum was belangrik omdat dit destyds die hoofstad van Klein-Asië was. Ons sou ook kon sê dat Pergamum die godsdienshoofstad van Klein-Asië was. Daar was baie tempels in die stad. Behalwe die tempels vir die keisers was daar tempels vir omtrent al die ander gode. Dit is waarskynlik wat Johannes in gedagte het as hy na die stad verwys as die troon van Satan. Terwyl al die stede iets van die Romeinse lewensfilosofie van die tyd gereflekteer het, was dit waarskynlik in Pergamum die heel sterkste. Hier het politiek, godsdiens, genesing en geleerdheid hande gevat en ’n formidabele boodskap van “Rome se heil” uitgedra – amper soos ’n weermag!

Julius Caesar, Romeinse keiser
Uit: https://www.britannica.com/biography/Julius-Caesar-Roman-ruler

Ons weet min van die gemeente in Pergamum buite om dit wat ons hier in die brief hoor. Alle aanduidings is dat die druk op die Christene in Pergamum baie groot was – dalk groter as in enige van die ander stede. Ons sien dit daarin dat Pergamum die een plek is waar die fisiese vervolging van gelowiges wel reeds begin het. Ons hoor dat een van die gemeentelede Antipas met sy lewe betaal het vir sy getuienis. Ten spyte daarvan hoor ons dat die gemeente staande kon bly en kon volhard in hulle getuienis. Hulle word geloof omdat hulle aan Christus se Naam getrou gebly en hul geloof nooit afgesweer het nie (vers 13).

Ons moet die verwysing na Christus se Naam hier mooi hoor. Die stryd hier het nie in die eerste plek gegaan oor etiese of filosofiese standpunte nie. Die vraag was of jy onder die Naam van Christus of onder die naam van Caesar geleef het. Was jou belydenis dat Caesar die *kurios* (koning) was of het jy geglo en bely dat Jesus Christus alleen die Kurios en die Ware Verlosser van die wêreld is?

2. Die groot vraag in die gemeente: tot hoe ver kan ons deelneem aan die bedrywighede van die stad?

Die Christene in Pergamum het met ’n moeilike dilemma gesit. Die vraag was tot hoe ver hulle aan die stad se aktiwiteite en feeste kon deelneem. ’n Deel van die feeste was redelik onskuldig, maar dan op ’n stadium het daar afgodselemente en immoraliteit bygekom. En as jy dan onttrek het, het mense skeef na jou gekyk en vrae oor jou begin vra. So, wat doen jy?

Vir ’n gemeente wat hulle missionale getuienis ernstig geneem het was hierdie ’n moeilike vraag. Dit kon tog nie wees dat die Christene hulself totaal moes onttrek van die stad en die gewone lewe in die stad nie? Christene was immers die wêreld ingestuur om hulle getuienis ook in die stede van die wêreld te gaan te lewer. As jy nie in die stad is nie, as jy nie op ’n manier deel van die lewe in die stad is nie, is dit nie moontlik om jou getuienis persoonlik te lewer nie.

Dit wil lyk of die Nikolaïete so ’n groep was wat aktiewe deelname aan die stad se aktiwiteit bepleit het. Hulle teorie, so lyk dit vir ons, was dat Christene maar kan meedoen aan die heidense praktyke solank hulle hulle binneste skoon hou. Onnodig om te sê dat die Bybel nie so ’n teologie ken nie. Ons liggame is ook heilig en behoort aan God.

Ons presiese dilemmas vandag lyk effens anders, maar ons ken ook die vraag. Tot waar kan ons meedoen en saamgaan met wat rondom ons gebeur? Wanneer kom ons by ’n punt dat ons moet wegstaan en sê: Jammer, dit kan ek nie doen nie.

Dit is baie interessant dat Johannes in die gesprek baie sterk uitkom vir die kant van die mense wat gemaan het teen te veel toegewings. Johannes het dieper gekyk en geweet dat dit hier oor meer gaan as net feeste en wat ons eet of nie eet nie. Dit het ook gegaan oor die waarheid en oor die vraag wie ons regtig is en wil wees.

Hy verwys hier sydelings na die geskiedenis van Bileam wat ons in Num 22-24 kry. Die verhaal help ons om te verstaan hoekom Johannes hier keer. Bileam was ’n loskop-profeet wat deur koning Balak van Edom gehuur is om hom raad gee oor hoe hy die Israeliete kon oorwin. Bileam se raad was uiteindelik dat Balak net van die Edomitiese vroue tot die Israeliete se beskikking moes stel. Die mans sou die versoeking moeilik kon weerstaan en mettertyd sou die twee volke dan vanself vermeng geraak het. Israel sou hulle unieke identiteit verloor – sonder dat een spies gewerp is!

Johannes se vrees was dat die Christene in Pergamum ’n soortgelyke paadjie sou loop as hulle te gemaklik begin meedoen het aan heidense feeste. Sy vrees was dat wat begin het as `n goedbedoelde kompromis sou eindig daarby die Christene hulle identiteit en hulle geloof sou verloor. Die stryd in Pergamum het inderdaad nie net gegaan oor feeste en vleis nie, maar oor die waarheid van die evangelie en die gemeente se Christelike identiteit.

3. Die gemeente in Pergamum moes leer om die waarheid te praat, te leef – en veral om die waarheid te vertrou

Soos meeste van die ander gemeentes word die gemeente in Pergamum ook opgeroep om hulle te bekeer. Hulle probleem was nie so groot as die van Laodisea of Efese nie, maar as hulle ernstig was oor hulle missionale getuienis moes hulle die probleem dringend hanteer. Die oproep tot bekering hier is nie ’n breë en algemene oproep tot lewensverandering nie; dit was baie spesifiek gefokus op hoe hulle oor die waarheid gedink het.

Wat hierdie gemeente moes leer was om die waarheid te praat, die waarheid te leef en veral om die waarheid regtig te vertrou. Hoe gebeur dit? Hoe leer ’n mens die waarheid vertrou? Daar is `n paar dinge om te onthou:

- hierdie gemeente moes waarskynlik heel eerste leer dat die waarheid van die evangelie werklik ’n krag van God is wat ons kan vertrou (Rom 1:16). Dit wil lyk of hulle groot probleem was dat hulle hieroor begin twyfel het. Wanneer die magte buite ons baie imposant en indrukwekkend lyk – soos hier in Pergamum – dat kan dit gebeur dat ons oor die “swak” evangelie begin wonder. Dit is ook die rede waarom Johannes in die hele boek soveel klem lê op die krag en majesteit van God en van Christus (vgl hoofstuk 4 en 5). Dit is ook waarom Christus in hierdie brief geteken word as die Een wat die swaard dra (2:12). Ons kan die waarheid van die evangelie vertrou.
- tweedens, kan dit ons baie help om te verstaan dat die Christelike waarheid nie in die eerste plek oor ’n klomp geloofstellings of etiese standpunte gaan nie, maar oor Jesus Christus. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh 14:6). As ons in Hom glo, sal ons ook geloofstellings maak en etiese standpunte hê, maar die fokus sal altyd op Christus val. Die waarheid waarvoor ons leef en sterf is dat Jesus Christus die Here is!
- Dit is belangrik om te weet dat die swaard waarmee Jesus veg nie ’n oorlogswaard is waarmee jy mense kan deurboor en doodmaak nie; sy swaard kom uit sy mond (3:16 en ook 1:16). Jesus “veg” met sy Woord, deur na ons te kom (ook 3:16) en met ons te praat. As ons die evangelie vertrou, as ons Jesus vertrou, sal ons ook weet dat woorde van ons sterkste wapens is.
- Waarheid is nie net iets is wat ons praat nie, maar ook iets wat ons doen – en selfs belangriker nog – iets wat ons is. Die groot werk van die Gees, het Calvyn gesê, is om ons aan Jesus te verbind en ons al hoe meer soos Jesus te laat wees en te laat optree. Dit is ten diepste wat hier in

die brief bedoel word met bekering. Ons moet die Gees vra om ons weer vir Jesus te laat sien in al sy heerlikheid en mag en liefde, ons al hoe nouer aan Jesus te bind en ons daagliks al hoe meer te omvorm na sy beeld. Dit is wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het dat die waarheid ons sal vrymaak (Joh 8:32).

4. Die belofte aan die gemeente

Aan die einde van die brief word aan die gemeente 'n paar besondere beloftes gemaak. Die beloftes het saamgehang met die troos en versterking wat hulle op daardie tydstip nodig gehad het.

- Eerstens sê die Here vir hulle dat Hy vir hulle van die verborge manna sal gee. Hy sal vir hulle sorg soos Hy destyds in die woestyn vir Israel gesorg het.
- Dan hoor ons dat die Here vir hulle 'n wit klippie sal gee. Die meeste uitleggers dink dat die wit klippie 'n soort toegangskaart was. En dit wou vir hulle sê: moenie te sleg voel as julle hier op aarde nie by enige plek kan ingaan nie. Met dié wit klippie sal julle toegang kry by al die plekke wat regtig saak maak!
- En die nuwe naam moes hulle herinner aan die nuwe identiteit wat hulle in Christus ontvang het.

Kom ons ontvang hier nuwe identiteit en gaan lewe as nuwe mense wat aan Christus behoort.

Gesels oor:

1. Die gemeente in Pergamum het onder groot druk van die staat geleef. Watter wêreldse magte of invloede sit ons onder gevaarlike druk vandag?
2. Ken ons vandag nog die vraag oor hoe ver ons kan meedoen aan "wêreldse" praktyke of nie. Is daar dalk praktyke waaraan Christene vandag gemaklik meedoen waaroor ons meer behoort te wonder?
3. Hoe kan ons leer om die waarheid en die krag van die evangelie meer te vertrou?

Gebed:

1. Vra die Here om ons te leer om die waarheid te praat, te leef en te vertrou
2. Kom ons bid vir die owerhede, dat hulle ook die heerskappy van God sal erken en regverdig sal regeer.

6.
Die Brief aan die gemeente in Tiatira
Oor die verleidingskrag van geld en goed – en hoe onbeteuelde begeertes ons lewens kan beduiwel

(Woensdagaand)

Lees Openbaring 2:18-29

1. Wat weet ons van die stad en die gemeente?

Ons kyk vanaand na Johannes se brief aan die gemeente in Tiatira.

Wat weet ons van die stad? Tiatira was waarskynlik die kleinste en onbekendste van die sewe stede waarvan ons in Openbaring hoor. Die stad het sowat 60 kilometer suid-oos van Pergamum gelê. (*wys kaart*). Vir 'n groot deel van sy bestaan was Tiatira se funksie om die hoofstad Pergamum te beskerm en as't ware 'n eerste linie van verdediging te vorm teen aanvalle op die groter, politiek-belangriker stad.

Tiatira het egter oor die loop van tyd ’n naam verwerf vir sy vervaardigingsbedryf en klein industrieë. Ons weet byvoorbeeld dat Lydia, die purperverkoopster, ook oorspronklik van Tiatira gekom het. Daar was van alle soorte bedrywe in die stad – tekstielwerkers, skoenmakers, bronssmede, pottebakkers en selfs slawehandelaars. Dit het ook beteken dat gildes of vakbonde ’n baie groot rol in die stad gespeel het. Die mag in Tiatira was nie in die hande van politici of selfs godsdiensleiers nie, maar in die hande van die gildes en handelaars. Die lewe in Tiatira het gedraai om handel en geld.

Tipiese voorbeeld van Antieke Romeinse silwermunte met die keiser se afbeelding daarop
https://www.ngccoin.com/news/article/6842/NGC-ancient-coins/

Wat weet ons van die gemeente in Tiatira? Eintlik nie veel nie. Uit die brief self kan ons aflei dat dit eintlik baie goed gegaan het in die gemeente. Die Here prys die gemeente vir hulle harde werk en ywer vir die evangelie. Vier spesifieke woorde word gebruik.

- Die Here prys hulle heel eerste vir hulle *liefde* – dit is die hart van ons geloof en die kwessie wat die gemeente in Efese moeilikheid gegee het.
- Hulle word ook geprys vir hulle *geloof* en hulle vertroue op Christus.
- Hulle *diensvaardigheid* word ook vermeld. Hulle het nie net gepraat nie, maar ook gedoen en was nederig en hulpvaardig in hul diens.
- Laastens word hulle *volharding* uitgesonder.

Een van die beter uitleggers, Beale, maak die belangrike opmerking dat ons nie die vier terme as vier afsonderlike sake moet sien waarmee die gemeente goed gedoen het nie. Al vier die terme is gelaai met missionale betekenis! As Johannes aan die einde van vers 19 skryf: “Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore” gaan dit ook oor hulle missionale getuienis. Beale meen dat hier ’n duidelike sinspeling op die gemeente in Efese, wie se ywer aan die taan was. Daarteenoor was die gemeente van Tiatira – ten spyte van moeilike omstandighede – in ’n opwaartse kurwe met hulle missionale ywer.

Die een kopseer was dat hulle die druk van die gildes moes hanteer. Anders as in Pergamum, waar politiek die probleem was, het dit hier gegaan oor ekonomiese en werkskwessies – oor die versoeking van voorspoed en rykdom as jy gewillig was om mee te doen of hoe jy gaan oorleef as jy nie meedoen nie.

2. **Die probleme met Isebel: is daar ’n ander, dieper evangelie agter dit wat ons weet uit die Bybel?**

Ons moet vinnig kyk na die storie met Isebel. Isebel was ’n vroueprofeet wat die gemeente openlik aangemoedig het om mee te doen aan die heidense feeste. Die redes hiervoor was waarskynlik

eerstens finansieel. Dit was amper onmoontlik om ’n goeie bestaan te maak in Tiatira as jy nie aan een van die gildes behoort het nie. Haar argument was, soos die van die Nikolaïete, dat Christene aan heidense praktyke kon deelneem solank hulle nie regtig in die gode geglo het nie.

Ons het reeds gisteraand gehoor dat Christene nie die argument kon steun nie. Vir die God van die Bybel is nie net ons siele belangrik nie, maar ook ons liggame. Ons word nie net geroep om in Christus te glo nie; ons word ook versoek om elke dag heilig te lewe. Daarom was Isebel se leer en haar advies nie vir die Here aanvaarbaar nie.

Maar Isebel se teorie het nog ’n verdere stertjie gehad. Dit het te doen gehad met die “diep geheime kennis” waaroor in vers 24 gepraat word. Hierdie diep geheime kennis (wat tipies van die Gnostiek was) was as ’n soort towermiddel voorgehou wat mense se lewens op ’n totaal ander vlak kon plaas. Dit is nie altyd so duidelik uitgespel nie, maar agter hierdie leerstelling het die veronderstelling gesit dat Jesus eintlik nie genoeg van ’n Verlosser is nie omdat Hy ons nie regtig met al ons probleme kan help nie. Ons het ook hierdie “dieper geheime kennis” nodig gehad.

So ’n leer tas die hart van die evangelie aan. Ons glo dat wat ons van God moet weet vir ons lewe hier en ons saligheid eendag, in Christus aan ons geopenbaar is. Om na meer te soek, is ondankbaar, ydel en dom – en van die ergste maniere waarop ons die Here kan bedroef. Dit is om vir iemand wat reeds vir jou alles gegee het, te vra of daar nie nog is nie … Daarom was die Here se oordeel oor Isebel redelik kras. Dit hang daarmee saam dat Hy haar lank kans gegee het om tot besinning te kom, sonder dat daar enige teken van verandering gekom het.

3. Die Here se raad aan die res van die gemeente

Dit is baie interessant dat die brief ’n duidelike onderskeid maak tussen Isebel en haar aanhangers en die res van die gemeente wat op ’n goeie pad was. Nadat die Here oor Isebel en haar groep sy sê gesê het, wend Hy hom tot die ander groep in die gemeente wat op die regte pad probeer bly het en gee vir hulle raad. Dit lyk my of Hy vir hulle drie stukkies raad het:

- Eerstens sê die Here vir hulle dat hulle net moet vashou aan wat hulle het totdat Hy weer kom. Daar is rede om te dink dat die stelling “Ek lê op julle geen ander verpligting nie”, ’n sydelingse verwysing na die Gnostici se “dieper geheime kennis” was. Wat die Christene aan Jesus self en al sy gawes gehad het, was meer as genoeg.
- Dit word bevestig in wat Jesus in vers 26 byvoeg. Hy vermaan hulle “om tot aan die einde toe vol te hou om te doen wat Ek vra”. Dit was die fout van die Isebel-groep – hulle het Jesus en wat Hy van ons vra nie ernstig genoeg geneem nie. As ons Christus en sy gawes ontvang het, plaas dit ’n verpligting op ons om ook te doen wat Hy vra.
- Derdens sal die groep ook goed doen om die opmerking in 23 oor die gedagtes en begeertes te onthou. Ons weet deesdae – dalk beter as vroeër – dat ons praktiese gedrag elke dag diep beïnvloed word deur ons gedagtes en ons begeertes. Dit is verder ook waar dat dit vir ons nie maklik is om ons gedagte en begeertes te peil en eerlik daaroor te wees nie. Daarom het ons die lig van Christus en leiding van die Gees nodig om ons gedagtes en begeertes te deurgrond.

Daar is die laaste klompie jare heelwat geskryf oor die rol wat ons gedagtes en ook ons begeertes in ons gedrag speel. Die gesprek oor die rol van gedagtes is al geruime tyd aan die gang en ons weet hoe belangrik ons gedagtes vir ons gedrag en ons gemoedstoestand is. In die laaste klompie jare het iemand soos James Smith die deurslaggewende rol van ons begeertes ook weer op die tafel geplaas. Smith sê tereg dat as ons nie regkry om mense eerlik oor hulle begeertes te maak en hulle te help om ook op daardie vlak tot “bekering” te kom nie, sal hulle gedrag nie veel skuif nie. Smith gryp terug na Augustinus se verstaan van menslike gedrag en die sentrale rol wat liefde speel. Begeertes vra nie net uit oor wat ons dink nie, maar vra ook oor wat ons liefhet. Die grondreël hier is: “ons word soos dit wat ons liefhet” (*we become what we love*). As ons verkeerde goed liefhet en begeer kan ons lewens nie reg loop nie.

Ons sal in die kerk dieper moet begin werk en mense help met die bekering van ons begeertes – of soos Augustinus dit geformuleer het: “met die herordening van die liefdes in ons lewe”. Die proses begin daarby dat ons oop en dankbaar sal wees vir die Here se werk om ons gedagtes en begeertes te deurgrond.

4. Die belofte vir die gemeente: Jesus sal eendag klaarmaak wat Hy begin het, maar Hy is ook nou in Tiatira om te bly

As ons wil hoor wat die Gees vir ons sê moet ons altyd weer teruggaan na die prentjie wat Johannes in die begin van die brief vir ons van Jesus gegee het. Hy praat daar oor Jesus as die Seun van God – die enigste keer in die hele boek wat hy dit doen! Dit is ’n sterk titel waarmee hy vir die Christene wil sê dat hulle nie te groot moet skrik vir die plaaslike gode nie. In Tiatira is Apollos – die Seun van die Zeus – vereer as die plaaslike godheid. Die Christene kan weet dat die seun van Zeus nie bestand sal wees teen die krag en vlammende oë van Christus, die Seun van God nie! En met sy stewige voete van `n harde geelkoper allooi kon die mense van Tiatira weet Jesus het gekom om te bly; Hy was nêrens heen op pad nie. Die stad Tiatira het ook aan Hom behoort.

En as die Here nog kans sien en op ’n plek bly, dan is dit sommer makliker vir ons om langs Hom te gaan staan en saam met Hom te veg vir die hart van die stad.

Gesels oor:

1. Baie mense dink dat die kragte van die ekonomie meer as die politieke kragte van die staat Christene wegtrek van hulle geloof af. Hoe dink julle hieroor.
2. Van die mees algemene foute wat Christene maak is om te dink dat ons meer as net vir Jesus nodig het as ons gelukkig wil leef op aarde. Hoe dink julle hieroor?
3. Is dit regtig nodig dat ons tot bekering kom in ons gedagtes en begeertes? Hoe dink julle gebeur dit?
4. Hoe voel julle oor Augustinus se stelling dat ons al hoe meer word soos die dinge wat ons die liefste voor is?

Gebed:

1. Kom ons vra die Here om ons te help om die liefdes van ons lewe in die regte rangorde te kry?
2. Bid dat die Here ons meer tevrede-mense sal maak, en daarom ook groter deernis vir ander te hê.

7.
Die Brief aan die gemeente in Sardis
Hoekom ’n rustige, doodgewone lewe nie altyd goed is vir ons nie
(Donderdagaand)

Lees Openbaring 3:1-6

1. Wat weet ons van die stad en van die gemeente?

Die stad Sardis het sowat 50 kilometer suidoos van Tiatira gelê. Op sy dag was dit een van die spogstede van die Antieke Tyd. Teen die tyd dat Johannes die brief skryf, was die stad nie meer so bekend nie. Dit was ’n rustige plek wat toe veral bekend was vir vooruitstrewende landboubedrywigheid en vir sy tekstielbedryf.

’n Vreemde aspek van die stad se geskiedenis was dat dit – ten spyte van sy sg onoorwinlikheid – meer kere ingeneem is deur magte van buite. Die algemene opinie is dat die stad se ligging die mense oorgerus laat voel het en hulle dan agterlosig was tov hul veiligheid.

Ons weet niks van die stigting van die gemeente in Sardis nie. Teen die tyd wat die brief geskryf is, was die gemeente al ’n rukkie aan die gang. Dit wil klink of hulle op ’n tyd ’n baie lewendige gemeente was en ’n goeie reputasie gehad het. Na buite het alles goed gelyk. Daar was oënskynlik nie baie teenkanting teen die gemeente in die stad nie. Ons lees ook niks van vervolging of diskriminasie of sosiale isolasie nie. Alles was baie rustig in die stad en in die gemeente. Maar, helaas, rustigheid is ook nie ’n altyd ’n goeie ding nie …

Alles was nie so goed soos dit gelyk het nie. Ons hoor in vers 1 en 2 dat die Here vir die gemeente sê dat Hy weet van “alles” wat hulle gedoen het (en nie gedoen het nie!), en minder beïndruk was. “Julle het die naam dat julle lewe; maar ons, Ek en julle, weet dat julle eintlik dood is”, sê die Here. Maar dan kom die heel hardste woord as Jesus byvoeg: “wat julle doen vind ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie” (vers 3). Iemand het geskryf dat die woorde “nie goed genoeg nie” herinner aan mense wat nie die toewyding gehad het om goed klaar te maak nie. Dit was op ’n manier die storie van die stad: agterlosigheid, luiheid, net nie genoeg omgee nie. Die duidelikste teken hiervan was die wonderlike tempel wat vir Artemis gebou is wat vir jare onklaar en half gebou gestaan het – as ’n teken van die mense se slapheid en luiheid. En nou wil dit lyk of die gemeente hierby aangesteek het. Die stad het nie soos die Christene geword nie; die Christene het soos die mense van die stad geword!

Die tempel in Sardis
http://sardisexpedition.org/en/essays/latw-yegul-temple-of-artemis

2. **Die gemeente in Sardis se probleem: hulle het hulle entoesiasme vir die evangelie verloor**

As ons na die teks kyk, is dit duidelik dat die groot probleem met die gemeente was dat hulle ’n drif, ’n vuur, ’n stuk lewe wat in die begin daar was, verloor het. Dit wil lyk of alles nie oorboord gegooi is nie; die gemeente het voortgegaan met hulle aktiwiteite – daar word twee keer gepraat oor dinge

wat hulle gedoen het. Ons sal sê: hulle het nog kerk toe gekom, maar daar was nie meer hart en passie in nie; hulle oë het nie meer geblink nie.

JH Bavinck meen dat die verval van die gemeente in Sardis saamgehang het met die sleur van 'n doodgewone, gesellige, klein-burgerlike lewe. Die gemaklikheid van so 'n lewe met sy alledaagse roetine en duisend dingetjies wat moet aandag kry, kan 'n wildernis word waarin 'n mens jou oordeel en uitsig totaal verloor. Daarteenoor, skryf Bavinck, het Bybelse lewe altyd iets te maak met perspektief, met vergesigte-sien, met geesdrif, met vaart". Dit was nie meer daar in Sardis nie.

Ek dink baie van ons verstaan iets hiervan en het al 'n slag of wat so 'n ervaring gehad. Die lewe is so dat ons gewoond kan raak aan die wonderlikste goed in die lewe. Die wonderlikste visie verloor sy glans as dit nie aangevul of gereeld vernuwe word nie. Dus: die fout is nie dat ons gewoond raak aan goed nie; die probleem is dat ons niks doen om dit te keer nie. Karl Barth het gesê dat ons nie die rol van luiheid (*sloth*) – as 'n gestalte van sonde wat ons wegtrek van God en koninkryk – moet onderskat nie. Soms is ons fout nie dat ons sleg of boos was nie, maar dat ons te slap en te lui was om iets te doen toe ons sien dat goed verkeerd loop.

Beale koppel die gemeente se fout weer daaraan dat hulle die vuur vir hulle missionale getuienis verloor het. Sardis was eens op 'n tyd 'n lewende, getuigende gemeente. Maar mettertyd het daar ander liefdes en lojaliteit in hulle lewens gekom. Dalk het hulle die koste bereken en gedink die prys vir 'n toegewyde lewe en 'n getroue getuienis is net te hoog…

3. Die Here se raad aan die gemeente: word wakker en onthou waar julle vandaan kom

In die brief word uitvoerig raad gegee aan die deel van die gemeente wat die spoor byster was. Die oorgerustheid wat die gemeente gekenmerk het, het gemaak dat die meeste van hulle nie die erns van hulle situasie besef het nie. Van die prentjies hier herinner aan die stad se oorgerustheid! In plek daarvan dat hulle die stad help om waaksaam te wees, is hulle besig om dieselfde fout te maak.

Daar word 'n paar direkte opdragte aan die gemeente gegee:

- Dit is dringend tyd dat hulle wakker word (vers 2) en probeer red wat hulle nog het voordat dit heeltemal te laat is. Die gemeente het in 'n waas geleef en was besig om hulself te bedrieg. Iets moes gebeur om hulle wakker te skud.
- Verder word die gemeente herinner aan hulle vroeëre geskiedenis, die tyd toe hulle die evangelie ontvang het en die eerste keer daarna geluister het. Hulle moes probeer onthou wat vroeër gebeur het, en hoe dit was. Hulle moes probeer om weer iets van die intensiteit en drama van daardie tyd aan te voel. Om te onthou wat vroeër met ons gebeur het, kan ons lewens red.
- Die gemeente word genooi om terug te keer na die vroeëre tye van hulle lewe en hulle te bekeer. Hulle het gedink hulle het dit al gedoen, maar blykbaar het die Here nie gedink hulle is klaar nie.

Ons hou soms halfpad op met bekering omdat ons dink dit is nie regtig moontlik om meer te doen nie. Dit is 'n fout om so te dink. Ons hoor dit in die brief. Daar was mense in Sardis, skryf Johannes, wat nie die gemaklike paadjie geloop het nie. Daar was mense in die gemeente wat nie hulle klere besoedel het nie; daar was mense in die gemeente wat nie vergeet het waar hulle begin het nie. Ons moenie dink dat dit onmoontlik nie.

Die Here sal nie van ons dinge vra waarvoor Hy nie ook vir ons die krag gee nie. Hy gee nie net sy liefde, sy genade, sy vergiffenis aan ons nie; Hy gee ook sy Heilige Gees aan ons! In die brief word spesifiek gesê dat Jesus die sewe Geeste van God het, die Heilige Gees, die Lewendmakende Gees aan ons kan gee. Ons hoef in lamheid en doodsheid voort te leef nie. Die Gees van die Here kan ook vir ons lewend maak. Dit is waaroor Pinkster gaan.

4. Die ander groep in die gemeente van Sardis

Wat ek nou gesê het word bevestig is vers 4. In vers 4 word gepraat oor ’n tweede groepie mense in die gemeente in Sardis. Dit was ’n veel kleiner groepie – eintlik net ’n paar “name”, sê Johannes. Maar op ’n manier was hulle teenwoordigheid in die gemeente baie belangrik.

Daar word vir ons twee, drie goed oor die paar mense gesê:

Eerstens word gesê dat hulle nie hul klere besoedel het nie. Hulle het hulle nie oorgegee aan luiheid en lamheid nie, maar was konsekwent in hulle toewyding aan die Here.

Daarom word, tweedens, hier bygevoeg: “hulle sal altyd in wit klere by my wees.” ’n Mens kry die gevoel dat Christus hierdie paar mense geweldig waardeer en hulle eer vir wat hulle bereid was om “vir Hom” te doen. Een van die Engelse vertalings praat van “they will walk with me in white”.

Maar dan kom daar nog ’n merkwaardige sinsnede by. Jesus sê dat hierdie paar mense altyd wit gaan dra en by Hom gaan wees “omdat hulle dit waardig is”. Ons hoor hier iets besonders: van ’n paar mense wat Jesus nie net vertrou het vir hulle redding nie; maar wat ook oor tyd geleer het om die Here op nuwe maniere lief te kry vir wie Hy is en vir wat Hy vir ons gedoen het. Hulle oë het oopgegaan vir Jesus en hulle was reg om vir Hom te doen uit dankbaarheid vir wat Hy vir ons gedoen het. En ek kry die indruk dat hierdie daad van liefde en lojaliteit die Here diep, diep geraak het.

Ek het by die lees van die vers gedink aan dae wat ek kon sien dat iets wat ek gedoen het, my pa en ma baie trots op my gemaak het. Dit was vir my van die beste oomblikke in my lewe. Sal dit nie wonderlik wees as ons meer goed kan doen wat die Here met waardering en liefde en trots na ons laat kyk nie?

Die spesiale vermelding wat van die kleiner groepie gemaak word, is betekenisvol. Ons kry dit meermale in die Bybel: dat die Here sy kerk herstel en weer laat herleef deur te begin met klein groepies gewillige mense. Die werk van die Here – ook die missionale werk – is nie afhanklik van groot getalle nie. Dit was dikwels so dat dit kleiner groepe, soms selfs enkelinge, was wat ’n groot verskil gemaak het. Dit is, myns insiens, een van die eerste reëls vir missionale werk, naamlik dat ons begin met die mense wat reg is daarvoor – al is dit twee of drie of vier.

Gesels oor:

1. Voorspoed en ’n rustige lewe is nie altyd goed vir ons geloof nie. Kan julle stories uit julle eie lewe hieroor vertel?
2. Hoe dink ons oor God en ons verhouding met Hom? Dink ons genoeg daaroor dat Hy ook gevoelens het? Het ons al daaroor gedink dat God met gevoel van liefde oor ons dink? Of dalk ’n gevoel van teleurstelling? Het ons al gedink dat ons met ons gehoorsaamheid Hom ’n gevoel van blydskap en trots kan gee?
3. Gesels oor die stelling dat die Here groot skuiwe op aarde kan maak met ’n handjie vol mense wat reg is om vir Hom te werk.

Gebed:

Kom ons vra die Here om ons lewend te maak vir Hom en sy koninkryk deur die werk van die Heilige Gees.

8.
Die Brief aan die gemeente in Filadelfia
Hoe ’n gemeente met min krag, getrou kon bly en geopende deure ontvang het
(Vrydagaand)

Lees Openbaring 3:7-13

1. Wat weet ons van die stad en die gemeente?

Filadelfia het sowat 40 kilometers suidoos van Sardis gelê. Die stad was veel jonger en minder bekend as die meeste ander stede van wie ons in die briewe lees. Die stad het ook die naam *Poort na die Ooste* gedra. Daar is ’n teorie dat die stad gestig was as ’n basis om die Hellenistiese kultuur na die Klein-Asië uit te voer – as’t ware ’n “sendingstad” om die Griekse waardes en lewenswyse te propageer.

Ons weet eintlik nie so veel oor die gemeente in Filadelfia nie. Uit die brief is dit duidelik dat hierdie ’n baie goeie gemeente was – die beste van die sewe. Hulle was nie groot nie en ook nie baie invloedryk nie. Johannes skryf dat die Here geweet het dat hulle min krag het. Ons kan aanvaar dat hulle ook hulle deel van probleme en diskriminasie ervaar het omdat hulle nie wou meedoen aan die heidense feeste en rituele nie. Dit wil lyk asof hulle – soos die gemeente in Smirna – ook kwaai afgeknou is deur die Joodse bevolking.

Die gemeente word geprys vir twee goed wat hulle gedoen het. Eerstens eer die Here hulle daarvoor dat hulle in moeilike omstandighede aan sy boodskap vasgehou het. Hierdie uitdrukking moet nie verdedigend verstaan word in die sin dat hulle darem nie hulle geloof verloor het nie. Dit het ook verwys na die gemeente se gereedheid om geleenthede vir getuienis oor Christus aan te gryp. Die tweede daad waarvoor hulle geëer word, is dat hulle nooit die Naam van Christus verloën het nie, wat in die Romeinse wêreld van destyds ook ’n missionale getuienisdaad was.

2. **’n Klein gemeente kry oop deure**

Foto: Dr Carin van Schalkwyk

Ons hoor twee keer in die brief van oop deure. Die oop deure verwys duidelik na geleenthede tot getuienis en tot uitbreiding van die koninkryk. Die poort na die Ooste (een van die stad se name) wat die Griekse kultuur na Klein-Asië moes dra, sou nou die deur word waardeur Christus die evangelie sou laat dra na die stede en mense van Klein-Asië! En een van die kleiner en swakker gemeentes sou die een wees wat die uitdaging opneem!

Die eerste verwysing is in vers 7 waar Johannes oor Jesus sê dat Hy die Sleutel van Dawid dra en deure oopsluit. As Hy die Sleuteldraer genoem word, moet ons dit eerstens hoor as ’n erkenning van sy absolute mag en gesag op aarde. Hy is die Een aan Wie alle mag in hemel en op aarde behoort. Maar hier is ’n tweede boodskap. Hierdie prentjie wil ook vir ons sê dat Jesus eintlik gekom het om deure oop te sluit! Hy kan ook toesluit – en daar gaan tye kom wat Hy dit sal doen – maar wat Hy eintlik wil doen, is om oop te sluit. Hy het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word (Joh 3:17).

Die tweede verwysing na ’n oop deur kry ons in vers 8 as die Here sê dat Hy voor die gemeente in Filadelfia ook ’n oop deur gegee het. In die moeilike tye waarin die gemeente geleef het, sê die Here: moenie nou gaan lê nie; ek gee juis nou vir julle ’n oop deur en geleenthede om die evangelie uit te dra! Die groot nuus in die brief is dat die gemeente in Filadelfia die oop deur gesien het en besig was om dit te gebruik! Hulle het die geleenthede wat die Here hulle gegee het raakgesien en opgeneem. Ek is soms bang dat ons in moeilike tye heeltemal vergeet daarvan om uit te kyk vir oop deure…

In vers 9 hoor ons dat die verhaal ’n verdere episode bykry. Die Here belowe hier ’n wonderlike ding. Hy sê dat Hy ook die proses met die Jode gaan omdraai. Hy gaan sy krag en liefde wys deur die Jode, wat as groep amper die heel negatiefste oor die Christelike geloof was, tot inkeer te bring. Hy gaan maak die Jode na die kerk van Christus gaan kom en erken dat die Here sy kerk liefhet! Dit was dikwels so in die geskiedenis, dat as ons gehoorsaam is aan die Here – juis in moeilike tye – Hy totaal verrassende en onverwagte goed doen.

3. Tye van beproewing: ’n donker wolk – maar ook ’n geleentheid om die Here te dien, te volg, te eer en te bely

Dat die Here vir die gemeente oop deure beloof het, het ongelukkig nie beteken dat hulle missionale taak maklik sou wees en altyd glad sou verloop nie. In vers 10 word gepraat oor ’n tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom en waardeur al die bewoners van die aarde getoets sal word. Dit is nie presies duidelik na watter beproewing hier spesifiek verwys word nie. Belangriker hier is om te verstaan dat sulke tye van lyding ’n realiteit in die lewe is – vir die wêreld en al sy bewoners, maar ook vir Christene en vir die kerk.

Die Here keer nie dat lyding en beproewing nie oor sy kinders kom nie; maar Hy beloof wel om ons vas te hou in die tyd van beproewing (vers 10). As ons kyk na vers 10 en 11 kan ons twee duidelike beloftes van die Here hier hoor. Die eerste is dat Hy ons sal vashou en heeltyd by ons sal wees. Tweedens – soos in die brief aan Smirna – beloof die Here dat die tyd van beproewing nie eindeloos sal aanhou nie. Hy vermaan die gemeente om vas te hou aan wat hulle het, en sê dat Hy gou gaan kom. Ons hoef nie bang te wees nie …

Maar daar is ’n derde wonderlike belofte wat hier bykom. Tye van beproewing en swaarkry is nie sinlose, leë tye waarvan ons maar net moet hoop dat dit so gou as moontlik sal verbygaan nie. Ons weet uit die geskiedenis dat tye van beproewing dikwels vrugbare tye, tye van groei vir die kerk was. Dit is, het iemand gesê, asof genade op sy beste en vinnigste groei in die winter.

Ons hoor dit spesifiek in die eerste deel van vers 10. Die boodskap waaraan die gemeente vasgehou het word daar beskryf as die “boodskap van My lydsaamheid” (Ou Afrikaanse Vertaling) of “die boodskap van my volharding in lyding” (Nuwe Afrikaanse Vertaling). Die vertalings bring ongelukkig nie die boodskap goed uit nie. Wat die vers wil sê is dat die gemeente verstaan het dat die lyding (en lydsaamheid) van Jesus ’n sentrale plek in die boodskap van die evangelie het. Hulle het verstaan dat niks van die verlossing sou gebeur het as Jesus nie bereid was om vir ons te ly nie. Sy lyding was nie toevallig of onverwags nie; daarsonder sou daar geen evangelie gewees het nie.

Verder het die gemeente ook begin verstaan dat tye van beproewing in ons lewens op geen manier los gestaan het van die missionale roeping en taak van die gemeente nie. Dit is nie so dat ons missionale roeping as’t ware gesuspendeer word vir ’n tyd as ons in beproewing kom nie. Op ’n vreemde manier gebruik die Here juis die tye van beproewing en lyding om sy boodskap tuis te bring by mense. Dit was in die geskiedenis van die kerk dikwels so. Dit was nie hoe ons sukses hanteer het nie, maar hoe ons met lyding geleef gekry het, wat mense aangetrek het na Jesus en die evangelie. Die mees dramatiese groei van die vroeë Christelike kerk, sê Rodney Stark, het plaasgevind na die ergste siekte-epidemies van daardie tyd. Terwyl almal weggevlug het van die siekes omdat hulle bang was dat hulle sou aansteek, het die Christene gebly en die siekes versorg omdat hulle geglo het dat

die Here dit van hulle vra. Baie van hulle het van die siekte aangesteek en inderdaad ook gesterf. Maar tien, twintig jaar na die epidemies is die stories vertel van hoe die Christene die siekes bygestaan en versorg het. En honderde, duisende mense het die evangelie geglo en omhels. Nie omdat hulle gesien het hoe sukses werk nie, maar omdat hulle gesien het hoe die evangelie jou kan help om sinvol, dienend, konstruktief met lyding te leef.



'n Uitbeelding van die Koronavirus

4. Beloftes vir nou – en vir altyd

Die brief word, soos die ander, afgesluit met 'n klompie beloftes. Die Here beloof om die wat volhard tot die einde pilare in die tempel te maak. Vir die mense wat gewoond was aan aardbewings en wat selfs vir lang tye buite die mure van die stad gebly was die vastigheid van die tempel en pilare 'n groot aanloklikheid.

Die tweede belofte wat bykom het te doen met name en nuwe name. Jesus beloof om die Naam van sy God op hulle te skryf – om te wys dat hulle nou vir ewig aan God behoort. Hy beloof ook om die naam van die nuwe Jerusalem op hulle skryf. Dit moes 'n groot troos vir die gemeentelede gewees het wat nie altyd seker was of hulle welkom was en volle burgerskap van Filadelfia gehad het. En dan beloof Jesus om ook sy eie Naam op hulle te skryf, die nuwe Naam van Jesus. Dit is 'n teken van die nuwe identiteit wat ons gaan ontvang.

Ek dink dat deur die besondere getuienis en werk van die gemeente die naam Filadelfia ook 'n nuwe betekenis gekry het. Die lewe van die gemeente sou wys wat Filadelfia, liefde vir al die broeders en susters regtig beteken. Die deure wat Jesus oopmaak is altyd deure van liefde. Hy is die God wat aan almal, selfs die ellendigstes onder ons, weer 'n kans wil gee. Daarom reik ons uit na al God se kinders omdat die liefde van Christus ons dring ...

Gesels oor:

1. In die preek is gesê dat Jesus gekom het om die deur oop te sluit en nie in die eerste plek om toe te sluit nie. Daar is ook verwys na Joh 3:17. Praat daaroor of Christene nie te veel dink oor God as iemand wat heeltyd nee sê vir goed nie?

2. Die Here gee juis in moeilike tye vir sy kerk geleenthede en oop deure vir getuienis. Kan julle dink aan geleenthede wat dalk juis nou in die tyd by ons verbykom – en wat ons dalk nie sien nie.
3. Gesels oor die storie wat Rodney Stark vertel oor die Vroeë Kerk? Sê dit dalk vir ons iets oor Suid-Afrika en Afrika?

Gebede:

1. Kom ons vra die Here om ons oë oop te maak vir oop deure wat Hy vir ons as gemeente gee.
2. Bid vir mense wat diep geraak word deur siektes en pandemies, en dat die Here ons as sy kerk sal gebruik om ’n deernisvolle verskil te maak.

9.
Die Brief aan die gemeente in Laodisea
Hoe ’n gemeente so ver kan afdwaal dat hulle verwerplik vir God is … en hoe Christus so ’n gemeente weer nuut en bruikbaar kan maak

(Saterdagaand)

Lees Openbaring 3:14-22

1. Wat weet ons van die stad en die gemeente?

Ons kyk vanaand na Johannes se brief aan die gemeente is Laodisea. Laodisea was sowat 70 kilometers suid-oos van Filadelfia geleë en was ’n florerende handelstad. Die stad was nie so groot nie, maar was baie ryk – waarskynlik die rykste van al sewe die stede waarvan ons lees.

Die stad het egter groot probleme met water gehad. Daar was nie goeie waterbronne nie en hulle was afhanklik van ’n bron sowat 10 kilometer buite die stad. Dit was egter ’n warmwaterbron en die probleem was dat teen die tyd dat die water in die stad aangekom het, dit nie meer warm was nie, maar lou.

Oorblyfsels van die antieke waterpype buite Laodisea

Wat weet ons van die gemeente? Uit die Kolossebrief weet ons dat die gemeente waarskynlik deur Epafras (Kol 4:13) gestig is en gereeld in die huis van ’n vrouelidmaat, Nimfa bymekaar gekom het. Dit wil lyk of baie van die lidmate gedeel het in die rykdom van die stad en kon koop wat hulle wou. Dit wil ook lyk of daar nie juis vervolging of diskriminasie teen die Christene was nie. Die lidmate het goed ingepas het in die stad en ’n gemaklike lewe gelei het – wat nie altyd so goed is vir ons geloof en toewyding nie. Van al die gemeentes was hierdie een waarskynlik die verste van koers af. En hulle het dit nie, glad nie, besef nie!

2. Die eerste fout van die gemeente: hulle was lou en vir niks bruikbaar nie

Die eerste klag teen die gemeente is die felste. Met ’n duidelike verwysing na die stad se waterprobleem, sê die Here vir die gemeente dat hulle ook lou geword het. Niemand het daarvan gehou om lou water te drink nie. Dit kon jou naar maak. Een van die kommentare sê dat die “uitspoeg” eintlik vertaal kan word met “Julle maak my siek!”.

Dit is ’n kras vergelyking. Maar dit was hoe die Here gevoel het oor waar die gemeente was. Louheid het hier gestaan vir middelmatigheid, halfhartigheid, besluiteloosheid, ’n gebrek aan oorgawe en toewyding. Die gemeente het gehuiwer tussen twee paaie en kon nie besluit wat hulle wou kies en wie hulle wou wees nie. Beale, wat Openbaring sterk missionaal lees, meen dat die vergelyking met die lou water hier beteken dat die gemeente vir niks goed gebruik kon word nie. Met warm of koue water kan jy iets doen, maar lou water is nutteloos, goed vir niks – en kan daarom maar weggegooi word.

Die vergelyking vertel nog ’n storie. Lou water was min of meer kamertemperatuur. As water blootgestel word aan die omgewing neem dit oor ’n tyd die temperatuur van die omringende omgewing aan. Dit is wat die Here vir die gemeente wil sê: julle het julle identiteit verloor en aangepas by die stad. Die stad het nie soos die gemeente geword nie; die gemeente het soos die stad geword.

Die gemeente se louheid was nie al probleem nie. Dit is duidelik uit vers 17 dat hulle ook hulle situasie totaal verkeerd gelees het. Hulle was vol selfvertroue en het goed gevoel oor hulself. Die heel ergste fout van die gemeente – dit wat vir die Here die naarste was om te sien – was dat hulle gedink het “ons het niks meer nodig nie”. Ons hoor hier iets van die gekheid van die Ryk Dwaas wat as sy skure vol is, dink hy het nou selfs nie eers meer vir God nodig nie.

Die Here se respons hierop is reguit en hard en dit vlek die lewe van die trotse gemeente tot op die been oop. Hulle is nie so ryk en wonderlik as wat hulle dink nie; inteendeel hulle is ellendig, beklaenswaardig, arm, blind en naak (vers 17). Hulle het hulle geloof so goed as prys gegee en verruil vir goed wat blink is en mooi lyk, maar eintlik waardeloos is. Dis of die Here dit nie kan verstaan nie, sy kop skud en gril daarvoor.

Maar dan voeg Johannes ’n merkwaardige sinnetjie by. In vers 19 lees ons dat die Here sê: “Ek bestraf en tug elkeen wat ek liefhet”. Dit is eintlik ongelooflik dat die Here hierdie woorde sê vir die slegste van die sewe gemeentes. Dit is die evangelie! Die Here het nie net die goeie gemeente van Filadelfia lief nie, maar ook hierdie dwase, onbekeerde gemeente in Laodisea. Hy sê dit nie om hulle te verdoem nie, maar om hulle terug te bring op die goeie pad. Die woord wat met tug vertaal word is die woord *paideia* wat leer of opvoed of formasie beteken. Soms gee die Here ons vir ’n tydjie oor aan ons slegte besluite – in die hoop dat ons iets sal leer. Dit is soms die medisyne wat die kerk nodig het om weer ons roeping met nuwe oortuiging, dankbaarheid en drif op te neem.

3. Raad vir die gemeente: terug na waar die plek waar julle Jesus verloor het

Die laaste vermaning in die brief is baie verrassend. Jesus teken ’n prentjie vir die gemeente waar Hyself nie deel is van die gemeente nie maar buite die gemeente by ’n deur staan en klop! Die deur in die brief aan die Laodisense is ’n ander deur as die een waarvan ons in die vorige brief gehoor het. Die deur in Filadelfia was die deur tussen die kerk en die wêreld; hierdie deur is die een tussen die kerk en God. Dit is ’n vreemde prentjie die, want Jesus is nie in die vertrek waar sy gemeente bymekaar is nie, maar Hy staan buite, voor ’n toe deur!

Hoe is dit moontlik? Is Christus nie altyd by ons nie? Ek dink hierdie prentjie wil ons laat verstaan dat ons soms goed doen, goed beplan, selfs goed dink waarmee ons eintlik in effek vir Jesus wegstuur van ons af, waarmee ons dit vir die Here so ongemaklik maak, so teleurstel, so seermaak dat Hy dit nie meer in ons geselskap kan hou nie.

Hier kom Johannes by die eintlike probleem van die gemeente. Julle is louwarm, julle bedrieg julleself – *omdat julle Jesus iewers langs die pad verloor het*. Dit is julle eintlike moeilikheid! As julle dinge wil regmaak, sal julle hier moet begin! Die ou Engelse prediker Campbell-Morgan het dit goed verstaan toe hy geskryf het: “the only cure for lukewarmness is the re-admission of the excluded Christ”. Dit is so belangrik om die punt goed te hoor. Ons gaan nie louheid afskud deur op ons tande te byt en harder te probeer om warm te wees nie; ons gaan ook nie van ons selfbedrog ontslae raak deur vir ons onsself te sê dat ons dit nie meer moet doen nie. Beide hierdie probleme sit dieper gewortel as wat ons besef. Die waarheid is dat net Christus ons hiermee kan help.

Daarom is die regte plek om te begin om Jesus se klop en veral sy stem te hoor, die deur oop te maak en Hom in te nooi – dalk weer in te nooi, of Hom dalk vir die eerste keer regtig in te nooi! Die Here sê dit vir die gemeente, maar ook vir individue in die gemeente. Ook in vir individue in ons gemeente.

4. Gemeenskap met die Drie-enige God: erediens en die begin van sending

Dit was vir my verrassend dat Eugene Peterson meen dat die laaste gemeente, Laodisea, moes leer om God te aanbid en te eer. Ek was verbaas omdat ’n mens in jou eerste kyk na die brief nie veel oor erediens en liturgie hier raaksien nie. As jy later dieper lees sien jy die helder verwysing na die Nagmaal hier aan die einde van die brief – “ek wil inkom en met julle maaltyd hou”. Die brief begin ook met ’n verwysing na Jesus as die “Amen” van die kerk – ook ’n term wat gewoonlik in die erediens gebruik is. Peterson verduidelik sy stelling na twee kante. Die gemeente moes nie net leer om die Here in die erediens met hulle monde te aanbid nie; hulle moes ook leer om die Here te eer met die dinge wat hulle besit het! Hulle het dit nie gedoen nie, skynbaar omdat hulle gedink het dat wat hulle het aan hulleself behoort. Hulle moes leer dat ons en wat ons het en ontvang het, nie aan ons behoort nie, maar in die diens staan van die Here en sy koninkryk.

Peterson is natuurlik reg. As die gemeente van Laodisea uit die greep van louheid wou kom, bruikbaar wou word en hulle missionale roeping wou opneem, sou dit daarby moes begin dat hulle meer tyd in die teenwoordigheid van Christus spandeer. Hulle sou sy roepstem moes hoor en Hom moes innooi. Hulle sou sy uitnodiging om saam aan die tafel te kom sit moes aanvaar en hulle sou tyd moes neem om na Hom te kyk en na Hom te luister. Dan sou hulle sy heerlikheid weer begin sien – wie Hy werklik is: die ware en geloofwaardige getuie van God en van God se liefde; die Een wat besig is om ’n nuwe hemel en aarde te skep; die Een wat vir ons wit klere kan gee, die een wat baie meer goud en silwer as al die banke van Laodisea het; die een ons oë kan oopmaak om onsself, die wêreld en God beter te kan sien; die Groot Amen, die Een wat op die troon sit en die Een wat tegelykertyd besig is om tussen die kandelare te wandel. As ons Hom helder sien, sal ons louheid verdwyn en sal ons gemeentes wees wat onsself met vreugde gee vir die ons missionale taak.

Gesels oor:

1. Dalk is die grootste fout van baie kerke in ons land dat die Here halfhartig dien. Bespreek die stelling en help mekaar om die redes hiervoor te verstaan.
2. Die Christendom gaan nie oor godsdiens nie, maar oor ’n diep, egte verhouding met Jesus. Deel met mekaar oor hoe julle oor Jesus dink en voel.
3. In al die briewe word die gemeentelede opgeroep tot bekering. Dink julle die Here sê dit ook vir ons? Kom ons deel in die groep oor wat ons dink bekering nou vir ons persoonlik beteken?

Gebed:

Kom ons vra die Here om ons oë oop te maak vir Jesus en Hom weer in te nooi in ons lewens.
Kom ons bid vir die gemeenskap van gelowiges, binne die gemeenskap met die Drie-enige God.

10.
Die Heilige Gees neem die heil van Jesus na die uithoeke van die wêreld en skakel die gemeentes in by die proses

(Pinkstersondag)

Dit is vandag Pinkstersondag. Op Pinkstersondag vier die kerk die uitstorting van die Heilige Gees. Ons gaan vanoggend vier interessante tekste uit Openbaring lees. Vier keer in die boek vertel Johannes dat die Heilige Gees na hom gekom het en hom iets laat sien het wat ’n groot verskil in sy denke en sy lewe gemaak het. Kom ons lees die vier gedeeltes.

Lees Openbaring 4:1-2; 21:9-10; 17:1-3; en 1:4-5, 10-13

Wat doen die Heilige Gees? Hoekom het ons behalwe die werk van Jesus ook nog die werk van die Gees nodig? Het Jesus nie genoeg gedoen nie; sê ons nie Hy het alles gedoen wat nodig was vir ons verlossing nie? Hoekom moes die Gees ook nog kom?

Die Heilige Gees is die Een wat die werk van Christus op aarde met krag kom deurvoer. Hy is die Een wat die gawes wat Jesus vir ons in sy kruis en opstanding verwerf het, kom implementeer en toepas op aarde. Calvyn het iewers geskryf dat al die gawes wat Christus vir ons verwerf het vir ons niks werd is as die Heilige Gees dit nie in ons lewens inbring nie. Die Gees is die een wat ons in beweging bring, wat Jesus se opstandingslewe in ons indra en tot nuwe lewe wek. Ons sou kon sê dat missionale kerkwees effektief begin het by die uitstorting van die Gees. Van daardie oomblik af is ons betrokke by die proses.

Die waarheid is dat die Here ons van die begin af by die deurvoer van die evangelie wou betrek, maar geweet het dat ons dit in ons eie krag onmoontlik sou kon doen. Ons weerstand teen God het ons verstand, ons wil, ons emosies aangetas. Ons liefdes het deurmekaar geraak en ons kan ons begeertes nie vertrou nie. Daarom gee die Here sy Heilige Gees aan ons! Die Heilige Gees kom in ons lewens in en help ons om Jesus te sien en lief te kry; Hy vul ons met krag en ywer vir die koninkryk; Hy gee ons nuwe drome en laat ons nuwe visioene sien; en Hy omvorm en heilig ons sodat ons al hoe meer die beeld van Jesus vertoon. Deur die krag van die Gees word ons deel van God se missie hier op aarde!

Nou, die boek Openbaring praat ook duidelik oor die werk van die Heilige Gees. Ons hoor dit reeds in die Trinitariese (leer oor Drie-eenheid) aanhef van die brief, maar ook in die res van die boek is daar heelwat verwysings na die Gees en sy werk. Daar is altesaam 18 verwysings na die werk van die

Heilige Gees in die boek Openbaring. Ons kan nie na almal kyk nie; ek gaan fokus op vier tekste wat ons gelees het. Die vier gesigte wat die Gees Johannes laat sien was:

- Van God op die troon en van Jesus (Op 4:1)
- Van die nuwe toekoms, die nuwe stad Jerusalem (Op 21:10)
- Van Babilon, ’n wêreld sonder God – in haar ydelheid en nood (Op 17:3)
- Van die gemeentes – Jesus wat tussen hulle staan (Op 1:10-13)

As ons sou vra hoe die Gees van die Here van ons Christene maak, as ons vra hoe die Gees ons oortuig om tot bekering te kom en navolgers van Jesus te word, wil ek sê, kan hierdie vier prentjies, hierdie vier stappe ons help. Dit kan elkeen van ons persoonlik help, maar dit kan ook ons gemeente help om te verstaan wat ons gesamentlike roeping is, wat die Here van ons as gemeente verwag.

- **Die Gees open ons oë om Jesus in sy heerlikheid en mag te sien.**

Ons kyk eerste na die heel belangrikste van die vier gesigte. Johannes beskryf dit in Openbaring 4:1-2. Hy skryf dat hy ’n deur in die hemel gesien het wat oopgemaak is en ‘’n stem gehoor het wat na hom geroep het en gesê het: “Kom op hierheen”. Toe sê hy, het die Gees gekom en hom meegevoer om die hemelse gesig te aanskou. En wat Johannes gesien het was die gesig wat ons in Openbaring 4-5 hoor en waaroor ons die tweede aand gepraat het. Daar was baie detail, maar die essensie van die gesig was dat hy ’n blik gekry het van God op die troon en van Jesus wat die geslote boekrol kan oopmaak. En, hoor ons, as Johannes God en Jesus so in hulle mag en heerlikheid sien, hoe alles en almal in die hemel voor hulle neerval en hulle aanbid, dit vir hom amper onmoontlik is om nie te glo nie. Die toneel het my laat dink aan ’n ander verhaal: die dag toe Jesus water in wyn verander het (Joh 2:1–11). Die evangelis Johannes skryf dat toe Jesus die wonderteken gedoen het die dissipels sy heerlikheid aanskou het, besef het dat Hy God is en in Hom begin glo het. By die wonderlike visvangs van Luk 5:1-11 sien ons dit ook gebeur. As die nette intrek word en Petrus al die vis sien, verstaan hy die eerste keer dat Jesus veel meer en groter is as wat Hy ooit besef het en val hy in aanbidding voor Jesus neer. Jesus is die Lig van die Wêreld, die Lewende Water, die Brood van die Lewe – alles waarna ons soek en smag. Dit is wat die Heilige Gees ons laat sien!

- **Die Gees laat ons die koninkryk en die nuwe Jerusalem sien.**

Die tweede toneel waarna ons gaan kyk, vind ons in Openbaring 21:10. Die keer voer die Gees Johannes na ’n groot, hoë berg vanwaar hy kon sien hoe die heilige stad, die nuwe Jerusalem uit die hemel op die aarde neerdaal. In die laaste twee hoofstukke van die boek beskryf Johannes dan vir ons die ontsaglike toneel wat hy gesien het. Dit belangrik dat ons die verband tussen hierdie toneel en die eerste een probeer raaksien. Die Gees laat ons nie net vir Jesus sien nie; Hy laat ons ook sien wat Jesus se plan vir ons is en waarheen Hy op pad is met ons.

Michael Gorman sê die groot gawe wat ons uit die boek Openbaring ontvang, is ’n nuwe, alternatiewe kyk op die werklikheid rondom ons en voor ons. Iemand het gesê dat Protestante nie net vir God ’n bietjie beter wil verstaan nie; ons wil ook die lewe beter verstaan. Dit is werklik so. Die meeste van ons wil nie net weet dat God by ons is nie; dit help ons geweldig as ons ook so iets van ’n idee het van wat ons hier maak, wat die sin van die lewe is, waarnatoe die Here met ons oppad is. Die Heilige Gees gee Johannes so ’n eerste kykie hiervan – en gelukkig het hy dit neergeskryf, ook vir ons. Dit gee hoop, nou, hier!

- **Die Gees laat ons ook die wêreld sien in sy naaktheid, sy nood en sy verlorenheid.**

Die derde prentjie waarna ons kyk kry ons in Openbaring 17:3. Ons hoor dat die Gees Johannes ook na die woestyn meegevoer het en daar ’n gesig gee het op die vrou “wie se naam die Groot Babilon” was. Babilon is hier ’n simboliese naam vir die wêreld met sy aanloklikheid en al sy versoekings. Johannes sien die wêreld, die vrou Babilon, nie net in haar weelde en skittering nie, nie net met haar

mooi klere en haar verleidelikheid nie, maar hy sien ook haar bedwelmende invloed op mense, haar losbandigheid en sluwe boosheid. Hy sien dat sy die konings van die wêreld, die sakemanne en ander vernames om haar pinkie draai en gekhede laat aanvang.
Maar Johannes kry ook die geleentheid om haar ondergang en haar val te sien. En as Babilon val, loop alles verkeerd. Bose geeste neem die stad oor; pes, droefheid en hongersnood tref die stad en die vrou word gedwing om die beker wat sy vir ander geskink het, self te drink: “In een oomblik,” skryf Johannes, “is soveel rykdom verwoes” (18:17). Sy staan kaal en verlate (17:16).

Een van die maniere waarop die Here ons na Hom teruglok is om ons ’n kykie te gee op die gevolge van ’n lewe sonder God. Dit is wat hier in Openbaring 17 en 18 gebeur. Deur Johannes en die Gees se bemiddeling kry die gemeentes ’n dieper kyk op die lewe in die groot stad en veral op die stad se einde. Babilon beloof die goeie lewe en baie plesier, maar kan dit nie regtig gee nie. Dit eindig in verdriet en ellende en hooploosheid. Hier in die woestyn sien Johannes hoekom die wêreld `n Verlosser nodig het.

- **Die Gees wil ons wys wat die Here met gemeentes kan doen.**

Die laaste prentjie waarna ons gaan kyk, kry ons in Openbaring 1 waar ons lees dat die Gees Johannes “op die dag van die Here” meevoer na ’n plek waarvandaan hy die sewe gemeentes kon sien. Hy sien hulle gebrokenheid en twyfel, hulle sonde en dwaasheid, maar hy sien ook vir Christus agter en tussen die gemeentes staan. Christus beweeg tussen die sewe staanlampe. En dit maak al die verskil. Christus se plan is om van sy kerk, ’n koninkryk te maak wat wys hoe dit lyk waar Hy heers, en om van ons almal priesters te maak wat God ken en wat by die Here kan intree vir die wêreld (1:6). Omdat ons aan Christus behoort en sy Naam dra, omdat Hy agter ons staan en by ons is, begin ons verstaan dat gemeentes veel meer kan doen as wat mense dink moontlik is. As ’n mens die briewe lees en jy hoor wat die Here van sy sukkelende gemeentes verwag, wil jy soms wonder of iets hiervan kan kom. Maar dit is omdat Johannes weet wat Jesus kan doen en omdat hy die gemeentes sien in die kragveld van die Gees dat hy nie huiwer om veel te vra nie.

Houtgravure deur Albrecht Dürer (1471–1528): Johannes sien Christus tussen die sewe kandelare
https://en.wikipedia.org/wiki/Apocalypse_(D%C3%BCrer)

As ons gereeld saam met die Gees – en saam met ander gelowiges op die vier plekke gaan staan, sal ons anders begin kyk na die lewe en begin verstaan wat die Here ons roep om te doen.

_____